




**TYDSKRIF**  
vir letterkunde

Augustus 1969

Nuwe reeks: VII: 3





Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services



# tydskrif vir letterkunde

Redakteur: Coenie Rudolph

## Skakelredaksie

*J. J. Brits  
W. A. de Klerk  
André Demedts  
B. le Roux  
Joan Lötter  
Koos Meij*

*Eben Meiring  
Mie-jeanne Moelaert  
P. J. Nienaber  
Z. J. Pretorius  
P. D. v. d. Walt  
M. M. Walters*

*Augustus 1969*

*Nuwe reeks VII : 3*

REDAKSIE-ADRES:

Die Redakteur, Wenningstraat 24, Groenkloof, Pretoria.  
L.W. Ongebruikte kopie kan slegs teruggestuur word as medewerkers  
'n gefrankeerde koevert ingesluit het.

ADMINISTRATIEWE ADRES: (Vir intekening, sirkulasie en advertensie)  
Mej. S. Victor, Posbus 35057, Northcliff, by Johannesburg.

INTEKENGELD:

R2 per jaar. Los nommers: 60 sent per eksemplaar.  
(Skole word versoek om direk by bg. adres in te teken.)

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak  
deur 'n jaarlikse skenking van  
DIE DEPARTEMENT KULTUURSAKE  
aan die Afrikaanse Skrywerskring en van  
DIE AFRIKAANSE PERSFONDSRAAD

Menings wat deur medewerkers uitgespreek word, is nie noodwendig ook  
menings van die redaksie nie.

## I N H O U D

Redaksioneel	1	Gulbranssen in Afrikaans Letterkundige toer
Greta Sauerma	4	<i>Wiegeliedjie</i>
Thijs Nel	6	More Josefskleed
Hennie Aucamp	9	Tussen twee treine
Joan Lötter	13	<i>Aardbol</i>
Andries Alberts	14	Lucretius en Afrikaans
Elsabe Steenberg	19	Die Klein Dode
C.F.R.	23	Tydskrif besoek Theo Wassenaar
Theo Wassenaar	28	<i>Sokrates se verdediging</i>
Gerhard van der Linde	31	<i>brief</i>
Marlise Joubert	32	<i>Clifton</i>
Vic Droogmans	34	De opsitkaars
Joan Retief	40	Honger
Theunis C. C. Lombard	42	<i>Bevel</i>
A. D. J. van Vuuren	43	<i>Sondvloed</i>
André Demedts	44	Sprekens met Gerard Walschap
F. I. Durand	49	<i>In gebed</i>
Fred de Swert	50	<i>Met brekende werwels</i>
Mada Reinecke	52	Stoplap
Stan Maes	56	<i>Vietnam 1980</i>
N. A. Liebenberg	58	Brief aan 'n meisie in die vreemde
Vincent v. d. Westhuizen	60	<i>Brommer in die brein</i>
A. Kloppers	62	<i>Tekens</i>
A. J. J. Visser	63	<i>Voor die kou</i>
Daleen Stapelberg	64	<i>„Treursang vir Van der Merwe”</i>
Gerhardus S. Engelbrecht	64	<i>klimtol</i>
Louis Kruger	65	<i>Êrens moet</i>
Ulrich Gerryts	66	Antjie se speelgoedmandjie
E. W. S. Hammond	76	<i>Winter</i>
Dirk Winterbach	77	<i>Springmat</i>
P. P. v. d. Merwe	78	'n Biblioteekfilosofie (2)
Ou Grietjie	84	Skyfies

**BUITEBLAD:**

*Dr. Theo Wassenaar*

*Foto: Caru*

*Die bykomstige seksie in hierdie uitgawe  
is geborg deur*

**VOORTREKKERPERS, JOHANNESBURG**



GULBRANSSSEN IN AFRIKAANS — MAAR ONGELEES

Vir 'n Afrikaner behoort die Noorse letterkunde eintlik nader aan die hart te lê as die Nederlandse. Tog lees ons mense dit nie, selfs nie as dit in Afrikaans vertaal is nie. In 1925 het C. G. S. de Villiers Knut Hamsun se *Viktoria* in Afrikaans vertaal. In 1944 het ek my eksemplaar op die Pretoriase stasie vir 'n halfkroon gekoop. Nege jaar later het ek dit vir sekere onderwysstudente voorgeskryf en hulle kon nog tot ongeveer 1956 van die oorspronklike oplaag te koop kry. Die positiewe reaksie op die boek is sodanig dat 'n mens weer opnuut besef dat naas al die noukeurige ontleedwerk daar ook boeke voorgeskryf moet word om studente dood-gewoon lief te maak vir die letterkunde.

Toe ons nou die reaksie merk, het ons ook Gulbranssen se beroemde trilogie in die Nederlandse vertaling voorgeskryf met dieselfde doel — om via 'n aangrypende verhaal die student minstens voor te stel aan 'n letterkunde wat nog veel meer het om aan te bied. En as mens die opvoedkundige hulpmiddels behoorlik gebruik, soos bv. die rolprent oor die Geslag Bjørndal, kan die dosent nogal bemoedigende resultate behaal.

Nou is die eerste deel van Gulbranssen se groot trilogie in Afrikaans beskikbaar onder die titel *En ewig sing die woude*. 'n Mens sal dink nou gaan die mense lees. Maar Konsalik verkoop soos kougom in Hillbrow, en Gulbranssen verkoop soos Knut Hamsun se *Viktoria* destyds. En let nou op wat die gevolg van dié swak verkope was. In 1925 het die vertaler in 'n voorwoord tot *Viktoria* gemeld dat Knut Hamsun hom verlot gegee het om al sy werke in Afrikaans te vertaal sonder betaling van outeursreg. Maar die vertaler het ook gesê: of hy hom in die toekomst aan die vertaling van ander werke gaan waag, sal afhang van die ontvangs wat *Viktoria* geniet. Dit het geen ontvangs geniet nie, net stof vergader tot die voorskryf aan 'n sekere kollege die voorraad na 'n kwarteeu eindelik uitgeput het en dit herdruk is.

*En ewig sing die woude* verkoop ook nie. Die uitgewer verseker my dat Gulbranssen so swak verkoop dat die res van die trilogie onvertaal sal bly, tensy daar nou iets drasties gebeur. Sal dit?

Ons lees Konsalik ja, maar een van die groot werke van hierdie eeu bly op die rakke staan. Die feit dat dit reeds in meer as 20 tale vertaal is, is so effens 'n bewys dat die werk tog nie onleesbaar is nie. Inteendeel — dis 'n werk wat mens nie kan neersit as jy dit eers begin het nie. Oorweeg net die volgende: die manne van die suide wat via die dominee ou Torgeir Bjørndal moet gaan vra om tog oor te kom en die beer

vir hulle dood te maak. En dink aan die antwoord van Torgeir: dat sy grootvader en sy vader elk sestien bere gedood het maar dat die sewentiende beer telkens ook die jagter gedood het. En nou vra hulle hom om 'n beer te gaan dood maak en dis sy sewentiende beer, en ook met 'n grys flank.

„Ek het self sestien doodgemaak. Ek het nie daaraan gedink om meer te agtervolg nie; maar as hierdie een lig van kleur is aan die een kant, dan is hy een van die geslag wat my vader en sy vader doodgemaak het — dan moet ek gaan. Die beer daar in die suide by julle nader sy einde, dink ek, en ek ook — miskien.”

Gaan ons die werk koop en lees? Die ander dele van die trilogie heet: *Winde waai om die rotse* en *Die weg na mekaar*. As dit nie in Afrikaans vertaal word nie sal ons daardeur armer wees.

## LETTERKUNDIGE TOER

In Aprilmaand vanjaar het Skoolreisdienste 'n letterkunde-studiereis gereël van 50 matriekleerlinge van verskillende Transvaalse skole. Die uitgangspunt met hierdie studiereise is primêr die aanvulling van die verskillende leergange en die reise word sodanig gereël dat die betrokke leerlinge die hoogsmoontlike opvoedkundige waarde daaruit kan put. Die 50 leerlinge is gekies uit verskillende skole op grond van prestasie en veral belangstelling in letterkunde. Dit is verblydend om te hoor dat die belangstelling vir hierdie reis so groot was, dat indien die fasiliteite beskikbaar was, twee maal die getal sou kon deelneem.

Dit sou moeilik en selfs jammer wees om in hierdie geval te hou by die bepaalde leergang; waar dit op skool moontlik is om slegs 'n paar figure te behandel, is dit op so 'n reis moontlik om die kinders se belangstelling te wek vir 'n groot klomp skrywers deur hulle in aanraking te bring met die omstandighede en omgewing van die mense. Die reis het waar moontlik probeer om ontmoetings met die skrywers self te reël, maar dit was natuurlik net in sommige gevalle moontlik. Waar die skrywers self nie beskikbaar was nie, is daar ontmoetings met hulle familie gereël, of in elk geval 'n besoek aan die plekke waar hulle gewoon en gewerk het. In sommige gevalle was die naaste wat die kinders daaraan kon kom, om die landstreek waar 'n bepaalde skrywer gewoon het, te besigtig of 'n krans op sy graf te lê.

Uit die aard van die saak is die meeste van die mense wat die skrywers goed geken het, meer bewus van hulle waarde as mense as hulle waarde as skrywers, en hulle het dan ook in daardie lig oor hulle gepraat. Dit was besonder

interessant die kere wat die twee benaderingswyses gekombineer is. Op Potchefstroom het die kinders die Teologiese skool besoek waar Totius gewerk het, sy seun prof. S. du Toit het oor Totius die mens gesels en prof. P. D. van der Walt het oor sy werk gepraat. Die aand op Wolmaransstad is dele uit Sangiro se werk voorgelees, mnr. Coenie Rudolph het oor sy werk gesels en het ook vir Sangiro self aan die gesels gekry. Dit was duidelik dat die kinders die ontmoetings met dié mense self besonder stimulerend gevind het. Almal het gedeel in die gevoel van oorwinning toe mnr. Rudolph vir Sangiro aan die gesels gekry het. Na W. A. de Klerk se interessante en boeiende praatjie op die grasperk van „Saffier,” was sy invloed duidelik merkbaar in die filosofiese gesprekke wat op die bus gevoer is. Een van die suksesvolste aande was die aand toe ons op 'n gesellige en informele wyse met Elise Muller en Audrey Blignault gesels het, en die kinders het nog lank na Abraham de Vries se toespraak, genot geput uit sy gevathede.

Dit was 'n besondere goeie idee om ook letterkundiges soos o.a. prof. Antonissen by die reis te betrek, want die kinders sal in hulle verdere letterkundige studies immers net so dikwels te doen kry met die werke van letterkundiges as met die van skrywers, en per slot van rekening is hulle die aangewese persone om met hulle groot belangstelling in die letterkunde, ook die kinders daartoe te besiel.

So 'n reis kan geweldige waarde hê om die belangstelling in die letterkunde by die kinders te verskerp. Die reis sal beantwoord aan sy doel as die kinders luister na die raad wat dr. Elize Botha vir hulle gegee het, om terug te kom en die boeke van die skrywers te lees en daarin die uiterlike wêreld van die skrywer terug te vind maar veel meer nog die innerlike wêreld wat nie prysgegee word deur al die sienlike dinge waarmee hulle te doen gekry het nie, maar slegs deur die liefde vir die literatuur.

*Renske Koen*

## WIEGELIEDJIE

Dróóm my hart  
ons nag is nog entjie  
óns rooi blom  
is 'n vis in die klei  
wit is die wind die son bring die blomme!  
Óns droom van die voëltjies  
ons dans in die ry...

## BERGKLOOF

Trompette sagte duiweborste  
hang aan die takke  
vol kokerboomblomme,  
dié stringe stringe stringe  
lilablomme  
val na die grond  
bruin en blou en wit engele.

## WATERLELIES

Waterdruppels ril in granate  
blink dun bloed  
stele wat die voëls vaster vat  
met sterke hand.  
O kóm na my in hiérdie uur  
van droefheid en koue grond;  
kom met en blom  
met jul tonge in die water  
dik rooi meeldrade,  
sagte wit fluite op die water!

## KLEIN KRUISTOG

Keer nie wéér lief  
dié brandende blomme  
jou hande  
wég van my sagte  
glimlag  
op in jou rooi gesig;  
dié bloeiende aalwyn  
jou heupe...

## DOOD VAN DIE KIND

Die lae wolke en die grys lug  
druk iets sag en kermend aan my bors,  
'n klein diertjie wat ééue terug  
op bewende beentjies vergeet het van sy dors!

Húl het vir hom 'n gaatjie in die sand  
gemaak maar hý het vertrouend warm,  
opgekrul kom lê op die wit baldakyn  
die rose-boog van my arm . . .

MORE JOSEFSKLEED

Jy het nooit gedink dit gebeur nie. Nie met jou nie. Miskien met ander mense.

Jy redeneer: mense vergeet mekaar nie. Nie as julle in dieselfde buurt, in dieselfde straat bly, dieselfde trein elke oggend om tien oor sewe stad toe haal, agter mekaar op dieselfde sypaadjie werk toe stap, saam voor die hysbak wag en daarmee opry na die vloer waar julle werk nie. Hoe vergeet julle, as julle boonop smiddags op jul spoor van vanoggend teruggaan?

Op 'n dag dink jy skielik: ek is dood, lankal dood. Dis my spook wat elke dag werk toe kom. Julle sien my nie want ek is onsigbaar, en nie eers een van julle is met die helm gebore nie.

Dan val dit jou by dat spoke nie kan voel nie. 'n Spook kry nie seer as hy sy voet skeeftrap nie, omdat spoke nie voete het nie. Iemand het vertel spoke sweef. Hulle raak nooit grond nie.

En spoke kan nie ruik nie. Anders het jy nie geweet daar is 'n pelouniefabriek oorkant die straat nie. Want jy ruik altyd die fabriek as die wind onvriendelik is.

Dit moet die afval wees, dink jy dan. Pelounie durf nie so stink nie.

Maar vanmore het jy agtergekom dat hulle jou vergeet het. Die afdelingsbestuurder wat altyd 'n donker pak aanhet, was reeds voor die hysbak toe jy deur die ingangsportaal stap.

More Meneer, sê jy. Nederig en met ontsag soos dit 'n junior klerk in die departement betaam. Jy dog hy hoor jou nie omdat hy nie terug groet nie. Nie eers met 'n knip van die oog nie.

**MORE MENEER!** probeer jy weer. Harder as die eerste keer. Weer is daar geen erkenning dat hy jou hoor nie. Jy dink: miskien het ek my verbeel ek sê more meneer en toe weer **MORE MENEER!**

Toe kom die hooftikster met die bolla en die suur gesig. Sag soos 'n kat wat spin, sê sy: More Meneer. So sag, jy hoor haar amper nie. Maar die afdelingsbestuurder knak beleefd vooroor en dis More Juffrou en Hoe-gaan-dit?

Toe More Juffrou jy ook. Sy hoor jou nie en voor jy nog kan **MORE JUFFROU!** gaan die hysbak oop en raak jy verlore in die ander se moresêery.

Jy maak die venster oop, kyk oor die straat na die pelouniefabriek. Die wind waai nie vandag nie. Dan stap jy soos elke more na die algemene kantoor om die kleedkamer se sleutel

te neem. In jou teekoppie gaan haal jy water vir die Josefskleed op die vensterbank in jou kantoor. As jy vergeet om dit water te gee, verlep dit lank voor teetyd.

More Josefskleed, groet jy. Jy is skielik bly dat plante nie kan praat nie, anders het dit miskien ook stilgebly.

Jy dink: miskien moet ek 'n Kruidjie-roer-my-nie in die hande kry. Dit moet ten minste beweeg as ek daaraan raak. Dan sal ek nie heeltemal vergete voel nie.

Jy neem die lys op jou tafel om te kyk watter lêers getrek moet word. Jy sorg dat elke amptenaar die lêers kry waarmec hy werk. Jy teken aan waarheen die lêers gaan en jy sorg dat dit weer terugkom.

Is daar 'n lêer weg, soek jy dit van kantoor tot kantoor. Niemand sien jou raak as jy tussen die stapels onvoltooide werk rondkrap nie. Jy werk al so lank met lêers in die departement dat hulle jou gewoonnd geraak het, dat hulle jou werklik nie meer raaksien nie.

By die losieshuis waar jy inwoon, is dit moontlik net die eienares wat jou onthou. En sy praat skaars met jou — net wanneer jy jou losies betaal. Haar onthou kom in koue artappels. Sy het mos agtergekom dat jy van koue artappels hou. Nou pak sy elke skeur tussen die toebroodjies wat jy in 'n toffieblik werk toe neem, met koue artappels vol. En sy kon nie verstaan waarom jy nou die dag die artappel wat sy per ongeluk op die vloer laat val het, plat trap nie.

En moenie van die ouderling vergeet nie. Hy onthou jou darem ook. Elke laaste dag van die maand klop hy aan jou deur om jou tiende te ontvang. Dan nooi hy jou vriendelik om vir sy dogter te kom kuier. Maar jy doen dit nooit. Jy maak nie vir haar ogies nie want jy reken: kakiebos het g'n geur nie.

Jy skrik toe jou telefoon lui. Dit lui mos nooit. Jy het al vergeet daar is 'n telefoon in jou kantoor. Nou is jy eintlik bang om dit op te lig, maar jy doen dit.

Saaklik. Die afdelingsbestuurder wil jou spreek.

Miskien hoop jy in jou opgewondenheid op bevordering: jy werk al so lank en niks gebeur nie.

Amper stap jy by die afdelingsbestuurder se kantoor in sonder om te klop. Jy het al gewoonnd geraak om nie te klop nie. Jy tree trug en eerbiedig klop jy.

**KOM BINNE.**

Huiwerig vorder jy tot voor die groot leë lessenaar. Jy kry meteens baie warm en is amper spyt dat jy vanmore weer jou dik trui met die omslaanek aangetrek het.

**EK WIL JOU 'N PERSOONLIKE VRAAG VRA.**

Sommer so sonder om eers **MORE** te sê.

Jy sê Natuurlik Meneer, en dink klaar aan 'n moontlike antwoord. En wonder of jy sal huigel en sê dat jy baie gelukkig is in jou werk, al is dit nie so nie.



## DRA JY 'N DAS ONDER DAARDIE TRUI?

Dis 'n uitklophou. Die omslaanek knel nou stywer as 'n das. Jy hoor jouself nederig Nee Meneer. En jy wonder hoe kon hy agtergekom het dat jy nie 'n das aanhet nie.

**DAAR HET KLAGTES INGEKOM DAT JY NIE 'N DAS DRA AS JY DAARDIE TRUI AANTREK NIE. ONS MAG NIE ONBEHOORLIK GEKLEED GAAN NIE. ONS WERK MET DIE PUBLIEK.**

Vir die res van die dag gaan dit nie goed met jou nie. Na werk gaan jy huis toe sonder dat jy een van die ander op die sypaadjie en in die trein raaksien. Want jy voel asof jy nie 'n draad klere aanhet nie.

**ONS WERK MET DIE PUBLIEK.**

Dit maal deur jou kop. Dit beteken mense. Mense wat met mekaar praat.

Nadat jy lankal reeds jou kamerlig afgeskakel het, lê jy nog in die donker en wonder. Jy sien talle mense wat sonder gesig rondloop en in hysbakke op en af ry. Hulle kosblikke is volgestop met koue artappels en almal dra omslaanektruie. Halfpad teen die nek, sien jy 'n knop. Eers dink jy dis die adamsappel. Dan weet jy dis 'n das se knoop.

Jy verbeel jou jy gee die Josefskleed op die vensterbank in jou kantoor water. Per ongeluk raak jy daaraan en geluidloos krimp die blare toe.

Voor jy insluimer, wonder jy vir oulaas waarom jy moreoggend om kwart-voor-ses met jou ma sal gesels. Sy bel elke Vrydagoggend daardie tyd van die plaas af.

Na 'n lang stilte, julle het reeds twee keer oor en weer gevra hoe dit gaan en geantwoord dit-gaan-goed, hoor jy weer haar stem deur die gezoei van die dowwe plaaslyn.

Het dit by julle gereent? wil sy weet.

Jy dink aan jou Josefskleed wat jy gister natgegooi het: „Ja, Ma.”



TUSSEN TWEE TREINE

*Persone:*

'n Jongman (Hy), 'n jongmeisie (Sy) en 'n stasiebeampte.

*Toneel:*

'n Stasieperron: 'n spoorwegrooster agter glas; 'n bank, pilare, plakkate. Wanneer die gordyn oopskuif, het 'n trein so pas vertrek; die geratel van die trein kan nog gehoor word. 'n Stasiebeampte stap met die houding van een wat sy plig gedoen het van links na regs oor die verhoog. Geluid van 'n deur wat toeklap. Kort hierna storm 'n jongman van regs af op die verhoog; hy struikel en val, en bly vir 'n oomblik doodstil lê. Dan staan hy op, en terwyl hy sy klere afstof, kyk hy verleë rond of niemand hom sien val het nie. Hy gooi sy boeksak op die bank neer en bestudeer die rooster. Hy kyk lank daarna; kyk dan skerp op sy horlosie; sak moedeloos op die bank neer. Tydens sy mimiekspel verskyn 'n jong meisie van agter 'n pilaar. Sy kyk spottend na hom. Hy merk haar, skrik.

HY: O, ekskuus . . .

SY: Ekskuus? Hoe so?

HY: Ek dog ek is alleen . . .

SY: (laggend): En daarom: ekskuus?

HY: (lag lomp): Jy't my betrap. Betrap lat ek vloek . . .

SY: Ek het niks gehoor nie . . .

HY: O, nie alte hard nie . . .

SY: Hoekom?

HY: Ek het my trein gemis.

SY: Ek ook.

HY (kyk na sy horlosie): Verdomde horlosie.

SY: Tydgebonde, nè?

HY: Hê?

SY: Ek wou net sê: jy hoef nie te wees nie.

HY: Nie wat te wees nie?

SY: Tydgebonde.

HY: O. Soms moet dit. As jy jou voorgeneem het . . .

SY: (inkanteer): . . . om tien oor twaalf na Muldersvlei  
. . . om tien oor twaalf na Muldersvlei . . .

HY: . . . dan móét dit. (Begin vir homself lag.)

SY: Jý haal die trein uit beginsel. Ek reël dit so dat ek dit mis. Sê my: hoe weet jy dis beter op die ander plek?

HY: Die ander plek?

SY: Noem dit jou bestemming.

- HY: Beter? Ek dink nie só daaraan nie. Of tóg. 'n Bed.  
Pantoffels. En dalk 'n brief.
- SY: Aan sy kleur merk jy dit: 'n brief van háár.
- HY: En aan die geur.
- SY: En skryf sy nie, dan skryf jy self!
- HY: En lak dit toe en pos dit nooit . . .
- SY: (bekyk hom nuuskierig): Jy drink baie, nè?
- HY: Net wanneer ek eensaam is. (Rusteloos, staan op):  
Ek is honger. Kom ons gaan koop iets — 'n broodjie en  
koffie, of net wat daar is.
- SY: Ek kon dit dink: behep met kos.
- HY: Dis nie waar nie! Soms eet ek vir dae nie. Dan voel ek my  
'n vlam, 'n suiwerheid! Maar eindelijk stap ek na die  
naaste kafee. — Ag, laat dit.  
(Die meisie het intussen op die bank gaan sit. Hy gaan  
sit op die ander punt. Hulle kyk skelm na mekaar. As  
hulle mekaar betrap, lag altwee.)
- HY: (vervolg): Hoekom wil jy nie na 'n huis toe gaan nie?  
Het jy dit nie goed nie? Jy kan saam met my kom, wee' jy?
- SY: Hier is dit goed en daar is dit goed, en oral is dit ewe  
sleg.
- HY: Dis waar. (Lang pouse.) Kom ons gesels oor die liefde?
- SY: Laat my dan praat. Jy kan die aksente verkeerd laat val.  
Met die liefde moet jy prakties dink.
- HY: Jy glo nie aan die liefde nie.
- SY: O, ek glo daaraan! Dis net . . .
- HY: Sê dit, toe!
- SY: Jy moet dit nie ooreis nie. Dit slyt. Jy moet versigtig  
werk daarmee. Miskien moet jy dit nooit hanteer nie.  
Jy moet dit op 'n afstand hou, dit waarneem, geniet,  
maar sonder om dit vir 'n oomblik te hê.
- HY: Ek dink ek weet wat jy bedoel. Nou die dag loop ek  
in 'n parkie. Daar staan twee berkeboompies langs mekaar,  
slank en bangerig. Jy kan sien hulle's nog nie tuis in die  
parkie nie.
- SY: Hulle staan in die hoekie — vir ewig.
- HY: Hoe weet jy?
- SY: Dis mos my storie ook.
- HY: (kyk haar kwaai aan, trek dan sy skouers op): Goed  
dan. Maar waar was ek nou weer?
- SY: Op elke boompie sit 'n duif.
- HY: O, ja. Maar die toppies van die bome is nog jonk —  
hulle kan die duiwe nie behoorlik dra nie.
- SY: Die toppies buig oor na mekaar toe.
- HY: Elke duif sit op sy koepel.
- SY: Maar hulle kan nie tot by mekaar kom nie, hulle moet  
net so vir mekaar sit en kyk. Tog . . .
- HY: Ja?
- SY: Dié spel met die liefde, ek weet nie . . .

- HY: Ja?
- SY: (driftig): Eenmaal net sou ek . . . Ag , ek weet nie . . .
- HY: (ongeduldig): Ja?
- SY: (afgemete): Eenmaal net sou ek soos hulle, die ander, wou liefhê, met die liefde in my hele lyf, my vingerpunte, my wortelhare. En dan weggaan, weggraak, sterf . . .
- HY: Sterf? Ag, kom nou!
- SY: O, ek bedoel dit nie *werklik* nie.
- HY: (onbegrypend): O. (Pouse) Maar hóé dan nou?
- SY: Verstaan jy nie? Dié soort liefde verraai die liefde. Daarna sou ek nie met my speletjie kon voortgaan nie. Daarsonder kán ek nie voortgaan nie. O, dit herinner my: ek moet gaan bel. (Sy hardloop na links; hy hardloop agterna.)
- HY: (roep dringend): Moenie! Kom terug! Die trein is nou-nou hier! (Gaan sit bedruk op die bank. Na 'n paar oomblikke kom sy terug. Sy kom staan vlak voor hom, maar uit moedswil wil hy nie opkyk nie. Uiteindelik praat hy, nog steeds sonder om op te kyk): Jy't nie gebel nie.
- SY: Hy's nie tuis nie.
- HY: Jy't nie gebel nie!
- SY: Want nóóit sal hy weer tuis wees nie . . .
- HY: Kom sit by my.
- SY: Dat jy aan my hare kan vat, of aan my bors, en die troos kan kry wat ék wil hê . . .
- HY: Asseblief, jy verstaan my verkeerd!
- SY: . . . maar ek is moeg vir dié rol: Suster Sonskyn. My bed bly leeg, my nagte hol . . .
- HY: Jy verstaan my verkeerd!
- SY: Reg of verkeerd: vinkel en koljander. Ons probeer so hard, en als verniet. As ons terugkyk, kan ons mooi sien hoe die voëltjie gestap het tot in die wip, maar nóú, hiér: nooit verstaan ons hiér en nóú nie. (Gaan sit langs hom, vat sy hand.) En wat was haar naam?
- HY: (aarsel): Annette.
- SY: Annette, sê jy? Laat ek raai: 'n Bietjie laf en straks té blond?
- HY: Dalk. (Kyk aandagtig na meisie.) Maar nou het sy swart hare, haar oë is blou, haar mond is te groot, haar neus wil wip . . . (Soos hy die dinge noem, raak hy eerbiedig daaraan.) Haar hande, dis so klein, jy wil lag daaroor. (Hy soen haar versigtig.)
- SY: Hoe lank ken ons mekaar al?
- HY: Lank genoeg. Kyk, ek kan jou uit my kop opsê. (Hy spring op, hou sy een hand voor sy oë, teken met die ander in die lug.) So lyk jou neus. En jou oë lyk só, en jou winkbroue só . . . Jou mond . . .

SY: (het opgespring; slaan haar arms van agter om hom):  
Nie my mond nie, dis te groot!

(Hy trek haar hande weg van sy oë. Hulle soen mekaar weer, teer, byna kuis. 'n Trein kan in die verte gehoor word. Sy vlug skielik van hom af, gaan kruip agter 'n pilaar weg. Die beligting verander; verhoog in duister, behalwe vir twee kolligte. Die kolligte volg die man en die meisie in hul vlug-en-soekspel. Dié speletjie raak gaandeweg ernstiger. Wanneer die treingedreun sy hoogtepunt bereik, is die meisie nie meer op die toneel nie, en soek die man hygend, desperaat en vergeefs na haar.

Trein hou stil; stemme. Deure gaan oop en toe; trein vertrek. Stilte en volslae donker.

Terug na normale beligting. Die man lê weer presies waar hy aan die begin van die stuk gelê het na hy geval het. Die stasiebeampte staan hande in die sye na hom en kyk.)

HY: (terwyl hy skaam orent kom): Ekskuus . . .

STASIEMAN: Hoekom ekskuus?

HY: (gaan sit verwese op die bank): Ek weet ook nie . . . (Kyk op, praat dringend.) Waar is sy?

STASIEMAN: Watter sy?

HY: Die meisie met die donker hare . . .

STASIEMAN: Jy's verdwaald, ou vriend; hier't niemand op of af geklim nie.

HY: (na 'n lang stilte): Ek dag so . . .

STASIEMAN: (nuuskierig): Ou vriend, het jy te veel gehad?

HY: (moeg): Selfs te veel is nie genoeg nie.

STASIEMAN: Jy het die laaste trein gemis, weet jy?

HY: (aggressief): Wie sê dis beter daar?

STASIEMAN: Hoe nou: dáár?

HY: Noem dit jou bestemming.

## GORDYN

# Toegif


'n bykomstige seksie  
van bl. 13-28  
moontlik gemaak deur  
die vriendelike medewerking  
van

Voortrekkerpers  
Johannesburg

Joan Lötter

## Aardbol

'n Sfeer draai rond  
oneindigheid en geen begin  
ontwyk die koper  
gradeboog dit tuimel  
deur die pole noord word suid  
in teengestelde mal girasie  
groen woestyn  
en oerwoudbos is bruin  
die water blou dit lieg  
want water het geen kleur  
tog is dit blou  
of groen of bruin  
of rooi van bloed  
my hand bedek 'n Afrika  
oombliklank  
'n speelding vir 'n kind



JOAN LOTTER

## AALWYN

Skroei warm  
die winter, brand  
die koue, word  
die bron, wees  
wat jou kleur sê: vlam

al moet die nag se bitter  
jou ontmasker: blom!

## PASSIEVRUG

my drome se naoes  
sal ek vind  
in die verminkte boodskappe  
van jou oë

## LANGPAD

Daar is kinders  
op my pad  
hulle groet lag wittand  
om hulle voete is koutjies  
soetriet

sal ek my stad  
my mooi wit stad  
verruil vir 'n stronk  
soetriet  
sal ek die seën aanvaar  
van hulle  
Uhuru-hande



## LUCRETIUS EN AFRIKAANS

Omstreeks 1930 het Prof. Haarhoff sy boekie *Vergil and South Africa* gepubliseer. Wat daarin staan, kan 'n mens nie meer onthou nie. Enige mens wat 'n begrip van die Romeinse en Afrikaanse volkskarakters het, kan egter die ooreenkomste tussen die twee volke wat Rome en Suid-Afrika gebou het, aflei.

Dink byvoorbeeld aan Aeneas wat ver oor die see aanswerf om Rome te stig en aan ons eie Van Riebeeck; aan die inval van Hannibal daar en lord Roberts hier, met respektiewelik die slag van Caena en genl. Cronjé se oorgawe.

Dink verder aan die Romeinse se karaktertrekke bekend as *gravitas* of *pietas* en aan die Boerenasie se stoerheid en vroomheid, wat aan sommige volksvaders met lang baarde die titel van Calvinis besorg het. Dink dieper aan hulle groot digter Vergilius se verbondenheid met die landbou en aan ons eie Van den Heever se plaasromans.

Die Romeinse soldate wat die beskawing oor drie vastelande versprei het, was boerseuns, gehard in die landbou — mense soos genl. De Wet en sy Burgers.

Wanneer ons praat van *die taal aan moedersknie geleer*, herhaal ons onbewus die woorde van 'n Latynse skrywer. Dit doen ons omdat die Boer net so 'n *heiliggagting* vir sy moeder koester as die Romein, wie se opvoeding en onderwys haar verantwoordelikheid was.

Daar is darem een verskilletjie: Vergilius vertel hoedat sy distrik se vrugtebome twee oeste per jaar lewer, terwyl by ons, in sommige droëlandsaaistreke, een oes in drie jaar verwaag mag word.

Miskien is alle mense van alle eeue eenders, mits hulle geesverwante is; en geesverwant is die meeste mense wat werk, stry, ly, bemin, dink, slaag of sterf — al praat hulle tale so verskillend as die ver-wikkelde Latyn en die ontwikkelde Afrikaans.

Anti-geesverwant is altyd die eerlike man aan die een kant en die geveinsde fariseër aan die ander kant, die werker en die luiaard, en in ons eie kultuur, die waarheidliewende en die leuenliewende Afrikaner.

Dit beteken egter nie dat alle mense *absolutisties* eenders is nie. Die apartheidsbeleid is byvoorbeeld die gevolg van die *andersheid* tussen twee rasse. En ons eie apartheidsbeleid is nie die eerste of die grootste in die wêreldgeskiedenis nie. Tussen die 7de en die 15de eeue was daar in Spanje en Portugal 'n stelsel van onversoenlike apartheid tussen die



More (hoewel hulle baie hoog beskaaf was) en die oorspronklike inwoners van die Iberiese skiereiland wat van Keltiese, Romeinse en Gotiese afstamming was.

Objektiewe historici wyt hierdie kultuurkloof aan 'n té groot verskil in ras: Aries teenoor Semities; in taal: Goties teenoor Arabies; en in godsdiens: Christelik teenoor Mohammedaans.

„Maar!” kom daar beswaar, „die Romeine was onbeskaafde heidene. In hulle tydperk was daar nog geen natuurwetenskap, tegniek of kerk nie. Hoe kan hulle nou vergelykbaar wees met die moderne, Christelik-Nasionale Afrikanerdom van die motorkar-eeu?”

Die antwoord is: Mense van vandag se ruimtevaarteeu mag saamgeperste suurstof of suurstofafskeidende algae na die planeete toe saamkarwei om in die luglose ruimte te kan asemhaal, maar die *kernfeit* bly staan: Hulle haal nog asem. En in dié asemhaal is nie net mens en medemens eenders nie, maar ook mens en mededier.

Terwyl hierdie woorde geskryf word, is die Suid-Afrikaanse Spele in Bloemfontein aan die gang; maar ons eie atlete is in dieper wese nie anders of beter of meer modern as die Grieke 2,500 jaar gelede nie. Op hierdie oomblik is daar 'n hofsak waarin een van ons hedendaagse advokate 'n pleidooi lewer. Sy pleidooi is nie beter, meer wetenskaplik of meer artistiek as dié wat Cicero of Cato in Rome gelewer het nie.

Sedert sommige van ons hulle verbeel dat almal behalwe onself verouderd sou wees, is hierdie feite lewensbelangrik. Ons moet leer dat alle waardes relatief is, en dat daar niks nuuts onder die son is nie — selfs nie eens snaaksighede soos lang hare nie, want pruikagtige haardosse is so oud soos die oermens en was lank by ongeletterde Bantoestamme in die mode.

Ons is in dieper wese vandag nog net sulke heidene soos die Romeine tweeduisend jaar gelede was. Ons skynheilige opvoedingstelsel maak egter fariseërs van ons almal, sodat niemand hierdie waarheid openlik durf erken nie.

Dit moet of 'n baie dom, of 'n uiters oneerlike mens wees wat hierdie feite in 1969 nog nie raakgesien, of binne in sy eie siel self al ontdek het nie. Nou spreek dit vanself: wat in die burger se siel is, is ook in die volksiel, en dus in sy volksaard.

Die oorsaak van hierdie konfliktoestand lê m.i. daarin dat die ou spreekwoord *Opvoeding is die tweede natuur* 'n halwe waarheid is. As opvoeding regtig die tweede natuur was, sou ons almal in murg en been en ook in die onderbewussyn opregte Christene gewees het, want vir baie eeue is ons voorgeslagte daartoe geïndoktrineer en gekondisioneer.

Die natuur raak egter nooit met opvoeding vereenselwig

waar die opvoeding *in stryd* met die natuur self is nie. Opvoeding kan en sal alleen 'n tweede natuur word, as dit in harmonie met die natuur is, d.w.s. wanneer die opvoeding die natuurwaarheid of natuurfeit erken en help verwesenlik. 'n Gewone klip sal nooit 'n diamant word, net omdat dit deur 'n deskundige diamantslyper geslyp is nie. 'n Muis word nie 'n brood omdat hy in 'n bakoond gebore is nie. Netso word 'n Afrikanerseun nie 'n Christen omdat hy uit 'n Calvinistiese volk stam, uit vrome ouers gebore is en in Bybelgeskiedeniseksamen geslaag het nie.

In so ver as wat enige leerstelling, filosofie, gewoonte, tradisie, wet, orde, teorie of gesag in botsing met die natuur is, kan dit nooit permanent in die menslike siel of mensdomlike gees posvat nie. Die geskiedenis toon oorfloediglik dat opvoeding, meer bepaald indoktrinerings, die natuur net tydelik kan verwing, tot dit openlik of bedektelik in opstand kom. Soms kom dit onbewus of onderbewus so in opstand soos in ons hedendaagse Afrikaanse letterkunde.

Die onvermydelike gevolgtrekking is dat die mens 'n natuurwese is, en dat enige skrywer wat dieper as die skyn van die huigelaarsnerf indring, hom onwillekeurig in die geselskap van heidense meesters soos Lucretius, Shakespeare, Nietzsche, Goethe, De Balzac, De Maupassant en Shaw bevind. Ons eie literatuurgeskiedenis dui ook daarop dat ons ongebore skrywers hulle voorbeeld in die toekoms al openliker en opsetliker sal volg — soos Van Wyk Louw met *Germanicus* en Opperman met *Periandros* die voortou geneem het.

Met heiden word nie 'n absoluut gelooflose mens bedoel nie. Die meeste intelligente mense wil met opset aan iets glo — al is dit net aan die aandebeurs. Wetenskaplikes moet ook gedurig die verwytsluk dat ook hulle, net soos die teoloë, aan 'n onbewese teorie sou glo, naamlik die teorie van evolusie. Die kernverskil is egter dat die heiden vir hom die reg voorbehou om te glo wat hyself vryelik kies om te glo, en weier om te buig onder wat ander mense se mag of gesag hom *dwing* om te glo. Dit verklaar waarom die religieuse Sokrates vir sy sogenaamde ongeloof ter dood veroordeel is. Geloofloosheid bly nietemin die moeilike ideaal of droom van sommige denkers en wetenskaplikes.

Lucretius het gedurende die eerste helfte van die eerste eeu voor Christus geskryf, Vergilius gedurende die tweede helfte. In beperkte sin was hy dus die literêre vader van Vergilius, van wie ons weet dat hy sy Aeneas-epos wou vernietig — omdat dit die *sin van die lewe* nie goed genoeg na sy smaak verantwoord het nie. Daar is dus destyds — soos vandag in Afrikaans — *gesoek na die sin van die lewe*.

Die soektog na die sin van die lewe was in die vorm van 'n geestelike bevrydingsveldtog, 'n ontworsteling van die

enkeling aan die geestelike tirannie van sy volk se verrotte oorlewinge. Daar was ten tye van Julius Caesar nie net 'n rewolusie wat die republikeinse regeringsvorm sou omverwerp nie, maar óók 'n intellektuele omwenteling wat die konserwatiewe denkpatroon van die Romein sou verruim. Vir wie sy Afrikaans ken, hoef nie tot vervelens toe bygevoeg te word: soos in ons eie kultuur vandag nie.

Gelyktydig met die geestelike rewolusie van die Romeine het die Christelike leer in 'n obskure uithoekie van hulle wêreldryk ontstaan, en so eenders was die twee strominge dat Vergilius as 'n wegbereider van die kerk bestempel is. Volgens legende sou die heilige apostel Paulus sy graf besoek het.

Daar het toe 'n natuurlike maar onuitgesproke bondgenootskap ontstaan tussen die Christelike en die heidense wêreld- en lewensbeskouinge wat elkeen op sy manier teen fariseese valsheid in opstand gekom het. Saam sou die twee die vryheid van egtheid, opregtheid en waarheid nástrew. Langs dié weg het Aristoteles die deskundige van die middeleeue geword.

Hierdie strewe na waarheidsvryheid is 'n algemeen-menslike verskynsel, wat keer op keer herleef wanneer enige volk deur verstarring verslaaf word. Dit is net so noodwendig as die instinktiewe geweld waarmee elke mens 'n kombens van sy kop sal afruk as iemand hom daarmee probeer versmoor.

Lucretius was as denker 'n holis of monis — iemand wat die heelal as harmoniese heelheid beskou. Hy was van nature eerlik en eerlike mense neig outomaties na objektiewe wetenskaplikheid toe. So het dit gekom dat hierdie pionierdigter nie net leer-digter was nie, maar ook wetenskap-digter.

Lucretius se epiese gedig oor *Die Heelheid van die Heelal* is 'n evolusieleer in verse, wat soms weergaloos poëties en dan weer ietwat prosaïes aandoen, maar altyd eg en suiwer wetenskaplik bly.

Wat Lucretius sonder die hulpmiddele van universiteite, navorsingsfasiliteite en naslaanbiblioteke uit sy reusagtige gees alleen opgediep het, het argeoloë soos Schlieman, biloloë soos Darwin en fisici soos Einstein eeue later eers bevestig. Van sy atoomleer het die hedendaagse leek vir die eerste keer gedroom toe die kernbom oor Hiroshima ontplof het.

Al hierdie dinge kon hy weet omdat hy logies kon dink en dus redelike afleidings kon maak van die enkele wetenskapfeite en -teorieë waaroor sy beskawing wel beskik het.

Die aanhef van Lucretius se epos word tot die beste in die wêreldliteratuur gereken. Dit vind sy weerklank en weerga net in Camoins. Epiese digters, vanaf Gilgamesj tot Van Wyk Louw, het die geskiedenis van enkelinge, volke, gode, demone, aartsengele, koninginne, magte, doktore, veewagters,

seevaarders en krygsmanne besing, net Lucretius het die Natuur aangedurf.

In wat hy as die waarheid (natuurwaarheid) beskou, vind hy die sin van die lewe.

Hy aanvaar die dood as finaal en predik vreesloosheid. Omdat hy ook geen vrees geken het nie, kon hy, ten spyte van die almag van die nasionale tradisie-afgod; in weerwil van bygeloof, die waarheid, reg en geregtigheid handhaaf.

Hy het ook 'n fyn humorsin gehad: hy sou eendag gesien het hoe 'n klompie vrome kinders hulle oorlede vader se as onder 'n amandelboom begrawe. In sy verbeelding sien hy toe die chemiese proses waardeur die lyk tot atome ontbind, die atome in fosfaatvorm deur die wortels van die familievrugteboom opgeneem word . . . en die vrugte later weer deur die kinders geëet word.

Nou die laaste beswaar: „Maar Lucretius speel geen rol in ons hedendaagse letterkunde nie; want kyk, ons taal gaan gebuk onder die invloed van derderangse skrywers van Europa se dekadensietydperk!”

Die antwoord is: Elke opgevoede Afrikaner behoort homself te ken. As hy homself ken, sal hy kan onderskei tussen lawaai en wol. Dan sou hy hom nie deur die skyn van enigets. hetsy kuns hetsy dogma, laat mislei nie. Dat ons volk homself van twee kante af laat bedrieg, is daaraan te wyt dat hy homself eers vanself bedrieg het. Bedrog parasiteer op selfbedrog. Daar is ongelukkig wel mensies wat bietjie geldjies uit ander se swakheidjies maak. Hulle leuse is: Verkoop aan 'n man wat hy kan verbruik; dus: lieg vir die leuenliewendes.

Om ons self te ken en vir ons self te dink het sommige Afrikaners reeds by Lucretius geleer. Ons leer dit egter nie uitsluitlik by hóm nie, want elke intelligente, morele wese sou onder soortgelyke omstandighede so handel en wandel soos hy 2000 jaar gelede gedoen het, en soos ons onself in die twintigste eeu behoort te gedra.

In die verlede is Leipoldt met Camoins, Celliers met Shelley, Totius met Lamartine, Van den Heever met Van Schendel, W. E. G. Louw met Leopoldt en Eybers met Albert Samain in een asem genoem. Mag die heidengode dan gee dat 'n toekomstige Afrikaanse skrywer eendag in een asem met Lucretius genoem sal word!

## DIE KLEIN DODE

Deur die venster sien sy die lug, en dis net so blou soos sy haar dit maande gelede voorgestel het. Die tril-blou, die naby-blou van die herfs net voor die winter finale kom, die blou-vol-son, die verskriklike, onontwykbare blou-van-onthou. En dit sing 'n lied — ook dit het sy maande gelede vooruit geweet, want sy het al reeds dertig herfste gesien en dan sing die blou altyd. Net, sy het toe gedink dat dit 'n jubelsang sal wees, soos wat Hanna gesing het toe haar seun gebore is, die nádeining van Elisabeth se lofsang wat sy aangehef het toe sy verneem het dat haar eersteling gaan kom. Nou is dit nie. Net maar 'n elegie is dit, 'n heel klein elegie wat die blou oor haar uitstort.

Sing, blou, sing die elegie oor die klein dode. Sing deur die pyn van toe en van nou, sing van die stilste sterfte van almal, dié waarby daar geen orrel gespeel en geen kluite op 'n kisse klap nie. Sing van die sonlig wat rypgeel is, soos dit in die herfs móét wees, maar sonder darteling — lig en dood soos die kind.

„Jou swangerskap is verby,” het die dokter in die hospitaal vir my gesê. Ek het na hom lê en kyk, en toe skielik weg. En eers toe alles donker was, het ek vir jou gesê: Kind, is jy dan weg? Is jy dood? Gebeur dit dan só — so tussen die een uur en die volgende, sonder fanfare en selfs sonder geweet? En gaan niemand kom om my in hierdie uur te troos nie? Net maar: jou swangerskap is verby? Is jy dood, en is jy dóód, kind?

Mense in beddens langs myne; wit beddens. Wit in die groot swart van die nag, soos wit kiste. Maar hulle haal asem, want hulle leef. Daar is 'n vrou hier naby wat effens snork — sy lewe ook. Hulle almal. Ek ook? Ek nog, maar jy? Môre sal jou vader kom, en omdat hy 'n man is, sal hý my ook nie kan troos nie, hy sal net maar die verdriet diep in homself bêre, en lomp glimlag, en rose bring — want dis lente. Jy moes nie in die lente gekom het nie, wel in die herfs. En nou sal ek jou nooit ken nie.

Sy kyk na die blou lug, volgetrek van geel sonlig. Geel soos die heuning wat haar pa altyd uit die neste gehaal het, en dan wag sy totdat hy al die bottels vol gemaak het, en dan steel sy een. Steel dit laggend, mét sy medewete, en gaan bêre dit êrens in haar klerekas. Elke dag eet sy 'n bietjie van die heuning — net 'n klein bietjie, dat dit lank kan hou. Maar op die ou end raak die bottel tóg leeg. Dan kom daar 'n vreemde weemoed oor haar, 'n rustelose wete van dinge wat verbygaan. Nou ken sy daardie gevoel elke dag. Dit gaan nooit meer weg nie. Die heuning is opgeëet, selfs die nasmaak is weg. Net die leegte bly.



Langs haar leë liggaam stryk sy; ingedagte. Hy is nou genees, hierdie liggaam wat deur die kind opgeëis en toe gebreek is toe hy van haar weggegaan het. Sy is heel weer, maar 'n ark sonder vrag. Waar is die Ararat waarheen sy gevaar het?

Ek is 'n skip, groot en stil op die oop see wat maande voor my uitstrek. Voor my sien ek die volheid van die somer, en ek weet dat agter die blink ronding van die see, baie ver, die blou van die herfshawe lê. Ek sal daar kom. Oor baie maande, op die bestemde tyd, sal ek daar kom. Maar ook jy, my kind, is 'n skip. Baie tingerig en swak nog, wankelrig oor die klein geklots van die vrugwaters waaroor jy na jou Meimaand-hawe reis, maar tóg daar. Een van die dae sal ek jou begin gewaar in die eerste uitswel van my liggaam, en dan sal ek jou roering voel en oor jou streel en vir jou lief wees.

Ek het jou reeds lief. Hoe kan dit anders? Jy is reeds 'n maand aan die vaar, jy het al 'n hart wat primitief aan die klok geraak het. In die groot stilte en afsondering van jou bestaan word jy sorgvuldig geboetseer: gesig, bene, arms. En ek het jou lief, want ek het deel aan jou skepping. Jy wat jare soos 'n spookbootjie rondgeswem het in oë wat in oë blink — jy is nou. Op 'n dag het jou vader versigtig gevra: „Wanneer sal hy kom — die kind?” En eers wou ek nie antwoord nie, die geheim nog 'n rukkie net vir my hou, maar toe het ek gesê: „In die najaar. Voor die eerste koue die blou uit die lug wegknyp sal hy kom.” En op daardie oomblik het jy begin om aan ons albei te behoort.

Dit is so, dink sy, dat ook die gees genees. In 'n mate, dan. Sy kon voel hoe iets in haar groter word, en sagter, sodat sy ontvanklik geword het vir alle pyn wat deur ander om haar gedra word. Meer as ooit voorheen moes sy weet hoe sterflik alles tog maar is — nie net die kind nie, maar syself, hy wat die pyn in sy hart gebêre het, almal, alles. Miskien is dit dan goed so. Net: weeg dit waaragtig op, dit wat sy gewen het teen dit wat sy verloor het? 'n Soort onskuld was daar nog in haar, 'n soort naïewe geloof in die goedheid van alle dinge. Die pyn, liewe Here, om nou te weet dat sy tog maar deel is van die aarde, dat sy droefheid moet help dra soos almal wat uit Eva gebore is.

Daar is 'n liedjie in elke bloeisel. Die wind skud deur die nuwe blare, en ek lag, ek hoor my eie stem soos 'n voëltjie s'n, en soos 'n kind s'n. Was daar al ooit so 'n lente? Trosse bloureën hang vol swaar geur aan die somerhuisie en skielik pluk ek dit: vir jou, my kind, vir jou.

Iemand klop: dis 'n vriendin wat kom tee drink het en wat sommer 'n bakseltjie beskuit saamgebring het. Hulle sit met die koppies warm tee in die son, hulle praat oor klere en 'n kennis wat oorsee gaan en die klimop teen die muur wat bloedrooi word in die milde herfsweer. Toe, meteens, sê sy:

„In hierdie maand, miskien vandag, sou my kind gebore geword het.”

Daar kom 'n stiltetjie wat die mooi van die oggend befrons. „Moenie vir my sê jy dink nog dáaraan nie?” vra haar vriendin met 'n effense wegruk van die kop, asof sy aan iets gevat het wat skurf onder die vingers lê. „Dis tog lankal verby. Dis eintlik verspot om nog daaraan te dink.”

„Tog sou hy nou gekom het.”

„Jy't 'n miskraam gehad. Wat daarvan, eintlik? Baie vrouens kry miskrame — een uit vyf swangerskappe eindig in 'n miskraam. Dis maar net — deel van die dinge, iets om te aanvaar en daarmee klaar.” Sy praat nie, voel net die son, sodat die vriendin skerp sê: „Dink hoeveel erger sou dit gewees het as dit later gebeur het in plaas van so heel in die begin. Dink hoe jy sou gevoel het as hy nou gebore moes geword het — doodgebore.”

Ons almal dra aan die pyn, dink sy, maar ons weier om dit te erken. Ons smeer dit toe met gemeenplase oor klere en mense wat oorsee gaan, en selfs in die bloedige rooi van die klimop sien ons niks méér as net 'n klimop nie. Ons sterf binnekant, alleen.

„Dan sou daar darem 'n graffie gewees het,” sê sy nog. „En dan sou ek hom al hierdie maande gehad het. Dan sou ek hom gesien en 'n klein, klein bietjie geken het.”

„Jy praat sommer,” sê haar vriendin. „Kyk, daardie kanarie-klimop se blomme begin ook oopgaan.”

Sy weet wat van haar verwag word: sy praat oor die mooi geel blomme wat oral uitbars. Hulle sing saam met die son en die lug aan die elegie oor die klein dode, maar dit sê sy nie. Maande gelede, toe alles verby was, moes sy swaar leer aan die les van stilbly. Toe het dit oor haar gestroom: die kalm bevel dat sy moet vergeet, of berus, of Godvertrouend wag dat sy weer swanger word. Toe wou sy dit nog uitskreeu teen hulle rus in: maar ek leef nou! Ek het my kind verloor, en snags dwaal ek tussen grys wolke rond en soek na hom!

Waar is jy, my kind? Kry die mens sy gees eers as hy gebore word, en is hy eers dán onsterflik? Maar jy dan, wat ook al wás, met jou hartjie wat klop en jou liggaampie wat gevorm is? Waar, waar gaan ek jou ooit weer kry? Buite sug 'n ou, moë wind deur die roosbome — het die wind jou geken? Ken hy jou nou, soos ek nooit meer kan nie? Of is jy net weg — klaar, verby, soos al die mense sê wat met Christelike bemoedigings by my kom? „God se wil,” sê hulle — God se wil! As God liefde is, en soveel liefde jôu in aansyn geroep en daarna omring het, soos sterlig 'n skippie wat deur die naë reis? Maar miskien is God ook magteloos teen die baie sonde en die baie verdriet van hierdie na-Adamse wêreld?

Ek huil nie meer nie — al het ek gedink dat ek dae, maande aaneen daarmee sou aanhou. My oë is droog, hulle staar deur

die venster. Hulle soek jou, my kind, êrens tussen die grys bome en die wit sterre.

Toe haar vriendin weg is, gaan sy meteens na die kas en haal die slaapklere daaruit wat die hele tyd diep onder ander kledingstukke verberg gebly het. Daar is bloed aan, en sy het dit nooit gewas nie. Sy het ook nooit weer daarna gekyk nie, maar sy het geweet dis daar, van daardie dag af. Nou kyk sy daarna, sy dra dit badkamer toe en tap die wasbak vol warm water, kry seep en begin was. Nou, miskien vandag, moes die bloed eers gekom het — warm en ryk, aankondiger van die kind wat uit haar beur. Maar dit het maande te vroeg gekom, en saam daarmee die groen vruggie wat nooit ryp sou word nie — wankelrige klein skip wat nooit die hawe sou bereik nie. Sy was en was, skielik wanhopig gretig dat die vlekke moet verdwyn. Dit móét tog, een of ander tyd.

Maar dit was nie uit nie. Dit word wel dowwer onder die felle gewerskaf van haar hande, maar dit bly. 'n Nuwe wete roer in haar, maar sy verstaan dit nog maar half, bly daarom was.

Alles is bloed en verskrikking, en buite in die jong lentelug wentel die voëls sonder ophou. Hoekom gaan die voëls nie weg nie? Hoe durf hulle nog vlieg terwyl ek met trane en bloed gedwing word om van jou afskeid te neem, my kind? Bly tog by my — bly! Ek wil jou hê soos ek my eie lewe wil hê, en miskien meer. Sal jy nie maar bly nie — tot die herfs kom, tot die diepblou lug kom, totdat jy my met 'n skreeu van vreugde kan verlaat en ook nie verlaat nie, omdat jy lééf? As die voëls net wil ophou kolk en draai. As jy net wil bly.

Vandag draai daar ook spikkels deur die lug. Dis duiwe, hoog bokant die brons bome. Die ander voëls is al weg, of sit kouliek in die takke. Maar die duiwe swem lui deur die son, sonder haas, sonder einde.

Sy droog haar hande af en kyk aanhoudend deur die venster. Daar loop 'n swart miertjie oor die grond en 'n sprinkaan glip oor die vensterbank. Ligweg waai die wind, en nou sien sy dat die son tóg lewe. Dis die ene stippels en borrels, dit straal en roer. En daar is 'n by by die geel blomme van die kanarie-klimop. In hierdie laat voorwinterse uur drink hy diep, brom dan weg om te gaan heuning maak. Dis waar, dink sy: haar pa het altyd weer gaan heuning uithaal. Na 'n ruk is haar botteltjie weer gevul, en dit het flikkerend in haar kas gestaan.

Lewe. Maar dan gaan niks ooit heeltemal weg nie, my kind? Dan is dit jy wat beweeg in die son, wat roer in die wind, wat brom in die by? Dan sal ek iets van jou altyd weer vind, al is dit in 'n ander kind se lag en in die swelling van 'n ander vrou se buik? En miskien sal ek juis vir jôú altyd dieper en suiwerder bly besit as enige ander kind wat ek ooit mag hê — trae gange van die pyn, onthou-blou van die lug?

My kind, ek het jou lief, lief.



## TYDSKRIF BESOEK THEO WASSENAAR

Op 8 April hierdie jaar het ek, en Anna, en Anita van Vuuren wat vir ons die besoek gereël het, vir Theo Wassenaar gaan kuier. Hy bly op 'n plaas ongeveer 16 myl uit Pretoria naby die skilderagtige Hoekie. Dit is die ou familieplaas van Jopie Fourie-hulle, met nog 'n tipiese plaashuis in 'n omgewing waar 'n rustige mens graag sal wil woon. Skuins voor die huis, onder 'n yslike wilgeboom is daar 'n eendedam; regs van die ruim grasperk voor die huis lê daar die roostuin. Dis 'n tuin wat getuig van die huisvrou se toewyding en van haar liefde vir plante.

Toe ons daar aankom, is ons uiters hartlik verwelkom. En Oupa en Ouma Wassenaar is omring van kleinkinders wat op die plaas kuier. Ek het dertig jaar gelede my eerste bril van hom gekry, toe hy nog as oogarts in Pretoria praktiseer het. Ek het verwag om 'n ou man aan te tref, maar die sewe-en-sewentigjarige dr. Wassenaar is wat gees en liggaam betref nie ouer as vyftig nie. Tog het hy gedurende 1968 'n ernstige hartaanval gehad. Gelukkig was sy herstel merkwaardig. Nou-dat hy terugkyk op die oomblik wat so fataal kon gewees het, kan hy kalm vertel dat hy reeds halfpad weg was, maar dat dit hom nie ontstel het of laat skrik het nie.

Miskien is dit dié ervaring, die terugtree uit die land van die dood, wat hom tans weer hard aan die skryf het. Hy is naamlik besig om Plato se *Apologie*, Die *Verdediging van Sokrates*, in Afrikaanse versvorm te verwerk. Hy vind die stof so aangrypend dat hy dit selfs oorweeg om 'n drama daarvan te maak. Die geesdrif waarmee hy oor dié vertaalwerk gesels, oortuig jou dat jy hier voor iemand staan vir wie die lewe nog nie verby is nie. Hy werk en skryf omdat hy persoonlik genot daaruit put.

Oor die *Apologie* self verklaar hy: „Wat my veral getref het, was die vreesloosheid by Sokrates. Sy absolute vreesloosheid oor die dood toe hy gevonnissen is om die gifbeker te drink. Van sy vriende het na hom gekom en met hom gepraat daar in die tronk, gesê alles is reg: die geld is gereed, Simias en Thebes sal daarvoor sorg; hy moet net instem en hulle sal dat hy ontvlug. Maar Sokrates begin toe met Kreton daar argumenteer en probeer hom oortuig dat as hy ontvlug hy eintlik sal sondig. Dit sal teen sy eie godsdiens 'n sonde wees want die staat, sy wette — dit is eintlik jou vader en moeder. Sonder dié behoudende dinge sou jy nie geword het wat jy is nie. Die staat het die huwelik ingestel en daardeur is jy op gewone wyse gebore. Die staat sorg vir jou, vir jou opvoeding, hulle laat jou leer; en vir hom om nou te ontvlug sou 'n verbreking wees, 'n sonde wees teen die wet, en wat hom betref dan 'n sonde teen die godheid wat hy aanbid.”

„Watter bronne het u gereedpleeg?”

„Nee, verskillende vertaalde werke van Plato.”

„Dit is vir my merkwaardig dat u nou daarin belangstel. Onlangs het nog 'n skrywer, ek verbeel my dis W. A. de Klerk, gesê hoe aangrypend hy hierdie verdediging van Sokrates vind.”

„Ja. Ek het dit vroeër ook al gelees. Ek weet ek het in my Griekse dagboek reeds verwys na hierdie verdediging. Maar toe ek dit nou weer lees, het dit my so aangegryp dat ek dag: my magtie, dit is so dramaties ek móét dit eenvoudig aanpak. Miskien is dit 'n te groot hap as ek probeer om dit in 'n drama te omskep en miskien sal dit ook nie heeltemal slaag nie. Maar ek het die verhoor van Sokrates al klaar verwerk in Afrikaanse versmaat.”

„Is dit nie die ervaring met die hartaanval wat u weer na hierdie werk gestuur het nie? Die konfrontasie met die dood bv.”

„Nee, ek weet nie. Ek onthou toe ek die aanval gekry het. Ek glo nie ek was heeltemal bewusteloos nie; maar dit was vir my of die hele wêreld 'n ligte blou was, en of ek in dieselfde blou stemming verkeer het, glad nie benoud of bang nie.”

„Hou u u baie streng aan die teks by die vertaling?”

„Nee, soos ek sê: ek het nie nodig om so streng te vertaal nie omdat ek reeds begin met die agterstand dat ek 'n Engelse, 'n Duitse en 'n Nederlandse vertaling het en tussen dié drie moet probeer bepaal wat die regte vertolking is.”

„Skryf u nog ander werk ook?”

(Die skrywer huiwer hier om te antwoord, waarskynlik uit blote beskeidenheid. Maar mev. Wassenaar deel ons mee dat daar 'n hele stapel gedigte lê.)

\* \* \*

In 'n verdere gesprek oor die Apologie vertel dr. Wassenaar verder: In die Phaidon-gedeelte van sy Apologie sê Plato hoedat Sokrates teen die aand vir die sipier sê dat hy nou wil gaan bad sodat die vrouens nie agterna nog die moeite sal hê om sy liggaam, sy lyk, te was nie. En as hulle die gifbeker vir hom bring — sy vriende staan daar om hom — dan is dit byna met 'n glimlag, absoluut ontspanne, sonder om 'n spier te ver-roer dat hy die beker neem en drink. En ewe kalm luister hy na die voorskrifte hoedat hy maar moet rondstap totdat sy bene begin lam word, dan kan hy gaan lê. Dit is eenvoudig aangrypend en dramaties dié hele gedeelte, ook daardie verhoor is vir my pragtig waar hy sy aanvallers onder kruisverhoor neem. Ek meen as jy die gawe en die vermoë het om hierdie deel in 'n drama te verwerp, dan glo ek het jy iets groots gedoen. Ek glo ook nie daar is in Afrikaans enige vertaling van hierdie verdediging nie; ek weet ook nie of iemand ooit hierdie laaste dae van Sokrates dramaties verwerk het nie.”

„Maar u Oedipus word nog gereeld voorgeskryf aan Univer-  
siteite vir die afgelope vyf jaar.”

„So?”

„Maar hierdie werk kan in 'n vertaalde vorm tog baie gebruik  
word in Universteite, daar is soveel vakke wat daarvan gebruik  
kan maak.”

„Ja, daar is soveel aspekte hieraan. Ek wil op 'n plek soos  
Athene bv. die samesweerders bymekaar bring, dat hulle dáár  
begin met die komplot teen hom; en as dit moontlik is, wil ek  
hierdie sameswering 'n deel van die drama maak.”

„Dr. Wassenaar, wat dink u van die Sestigers?”

„Man, ek lees natuurlik die werke; die poësie sover moontlik  
het ek gelees. Ek moet net sê dit lyk my soms of die beelde wat  
die digters gebruik vandag heeltemal los staan en nie deel van  
'n gedig vorm nie. Dit kan ek nie kleinkry nie.”

Na 'n gesprek wat gewissel het oor heelwat van hierdie  
werke, antwoord hy dat hy heelwat van die artikels van André  
Brink gelees het wat hy uit Parys geskryf het en dat hy dit  
besonder goed gevind het. Sprekende oor Etienne Leroux sê  
hy: „Etienne Leroux het wel 'n nuwe manier van skrywe gehad,  
hoewel dit stilisties miskien moeilik is om aan te toon wat die  
nuwe is. Hy gebruik sy taal natuurlik 'n bietjie anders, laat  
dit skuins lê.”

Dr. Wassenaar tref dan 'n interessante vergelyking tussen  
*Lobola vir die Lewe* en *Sewe Dae by die Silbersteins*. Dr.  
Wassenaar meen dat indien die Akademie hierdie soort werke  
wil bekroon dan moes hulle die Hertzogprys liever vir *Lobola  
vir die Lewe* gegee het, omdat daar aangrypende gedeeltes in is,  
terwyl die storie as sodanig in Silbersteins mens nooit mee-  
voer nie.

„Toe u tot die politiek toetree het, watter effek het dit op  
u as skrywer gehad?”

„Dit het my morsdood gemaak. Daar simpatiseer ek weer  
met Sokrates wat 'n kort rukkie stadsraadlid was. Hy het  
onmiddellik gebots met die oneerlikheid van die politiek.

My eie geskiedenis in die politiek — dis eenvoudig 'n skande  
hoe ek uit die politiek is! Maar Goddank, dit is iets van die  
verlede.”

In die gesprek daarna blyk dit dat dr. Wassenaar soms  
geweldig baie hulp verleen het aan mense wat dit nodig gehad  
het, dat hy dikwels finansiële verliese gely het, soms groot  
bedrae geld uit sy eie sak geskenk het vir optrede op politieke  
gebied. Mev. Wassenaar erken: „Sy moeilikheid is dat hy te  
eerlik en opreg, en te goedhartig vir die politiek is. Hy het  
soms 'n verkiesing gevoer en sy eie onkoste gedek omdat hy

dit vir die saak wou doen." Mev. Wassenaar meen ook dat die gedagte van die Afrikaanswording van die Pretoriase Universiteit heel eerste by dr. Wassenaar ontstaan het, toe hy 'n toespraak voor die buitemuurse studenteraad gehou het. Mev. Wassenaar was natuurlik self ook aktief omdat sy op hoeveel komitees soos die Reddingsdaadbond en van die Nasionale Party self gedien het.

„Dr. Wassenaar, hoe het u gestaan teenoor die amptelike kritiek wat u digbundels betref?”

„Nouja, dis nou 'n moeilik vraag, hoor. Kritiek kan 'n mens nie vermy nie, en ek dink 'n mens behoort kritiek te verwelkom as dit eerlike kritiek is; ek praat nie van moedswillige en neerhalende kritiek nie.”

„Hoe het die medisyne en die poësie bymekaar gepas?”

„Nee, ek dink die poësie het daaronder gely omdat jy as arts te besig is. Veral toe ek by die hospitaal werksaam was. Dan kry jy geen tyd om jou te verdiep in die poësie nie.”

„En as u 'n gedig geskryf het, het u dit nodig gevind om agterna weer te skaaf daaraan?”

„O, vader! As 'n mens die spul wat daar lê, sien (wat nog onuitgegeë is) en die klomp strepe wat daardeur getrek is! Nee, man, ek is maar ewig besig met skaaf aan dinge wat ek geskryf het.”

„U het waarskynlik al gemerk dat ons besig is om te pleit vir die oprigting van 'n dokumentasiesentrum, 'n skrywersmuseum waar manuskripte bewaar kan word. Het u enige manuskripte?”

„Nee, wat Man. Ek maak so: as ek die goed uiteindelik klaar getik het dan skeur ek die res maar op.”

„Maar dit is baie jammer!”

„Ag nee wat, Man, ek skryf so gruwelik. Niemand kan dit juis lees nie.”

„Het u enige kopieë wat ek moontlik in die *Tydskrif* kan plaas?”

(Weer huiwer dr. Wassenaar soveel dat dit vir 'n mens voorkom asof hy nie nou meer wil publiseer nie. Eers na heelwat oorreding het hy toegestem en dan ook gevra vir eerlike kritiek daaroor.)

„Jy moet my jou eerlike opinie gee of ek Sokrates darem goeie Afrikaans laat praat. Jy weet ek is nie bang vir die dood nie, maar ek is wel bang om weer in die openbaar te tree, al is dit net met gedigte. As hulle my nou moet stukkend trek en sleg sê, dan vrees ek kry ek regtig 'n hartaanval!”

Buite het ons eers 'n draai geloop by die wilde orgideë wat mev. Wassenaar oral in die boomstamme aan die groei het. En sy is vrygewig genoeg om plantjies uit te deel. En kosbaarder as plantjies byna: 'n hele trossie van die rooi wilde-orgideë se blomme.

Toe ons groet, was dit reeds veels te laat. Maar die geselskap het so aangenaam verloop dat ons die oorlosie, en Anita haar lesing, skoon vergeet het. Maar so 'n besoek bly lank en onverwelk in die herinnering, nes die rooi trossie wilde-orgideë.

C. F. R.

DIGPROEWE UIT „DIE VERDEDIGING VAN  
SOKRATES” (PLATO)

Van toe af het een na die ander ondervra;  
ek het met kommer en met kwelling waargeneem  
hoe'k ál meer onbeminde en ongewild geraak het  
by talle burgers en by staatslui in Athene;  
die God se uitspraak was vir my 'n plig, 'n móet.

Ek moes noodwendig vasstel wat die Orakel sê,  
en so was ek gebonde om elkeen wat as wys  
beskou word, uit te vra . . .

Na die politici het ek digters aan die tand  
gevoel, steeds hopenoed dat ek hier as ignoramus  
my aan die kaak sou stel. Ek het hul beste bundels  
van drama en liriek geneem en deeglik hul  
gelees en weer gelees, om so terloops my kennis  
van hulle groot beroemde werke te vergroot.


*Meletos veral neem 'n honende, uitdagende houding aan.*

Wel, Here, 'k aarsel om u my bevinding mee  
te deel. Toe 'k oor die sin van enkele duistere dele  
verduideliking wou hê, veral van tagtigers,  
kon hulle nie hul eie sinne goed verklaar nie,  
hoewel die aanwesiges dit skynbaar wel kon doen.  
Ek moes besluit dat dit nie wysheid was wat hulle  
in staat stel om hul denke in verse te omskep nie,  
maar dat instinkte hul subtiel besieling bied  
soos sieners en profete wat verhewe tydings  
ontvang en nie weet wat dit werklik wil bedui nie;  
soms waarhede verkondig sonder dit te weet;  
poësie te skryf is nie om wetenskap te skep nie,  
maar om 'n lied uit leed en las en lus te weef.  
Daar's digters ook wat aan hulself oor elke ding  
'n wêreldryk van wysheid as hul deel toe eien  
terwyl hul daaromtrent geheel onkundig was;  
ook hierdie poging het ek onvoldaan laat vaar,  
maar ook by hulle soos by die politici,  
in sekere sin die voordeel aan my kant gevoel.  
Tenslotte het ek na die ambagslui gegaan . . .  
hul het verstand gehad waar ek nie veel verstaan nie  
en hier het hulle dus die stryd teen my gewen.

---

*Theo Wassenaar in sy studeerkamer*









Maar ook by hulle, Here, het ek dieselfde euwel  
soos by die digters en artieste aangetref:  
omdat hul wys was in hul werkverrigtinge  
wou elkeen ook in ander sake wys vertoon  
en in dié dwaling het hul wysheid laag gedaal.

Dit, huid en haar dan, Here, of dalk nog heelwat meer  
tot die effek, is my verdediging se inhoud.

Nou is daar wellic onder U hier iemand wat  
gedagtig aan sy eie hofsaak, omgekrap  
sal voel omdat hy, toe hy tereg gestaan het op  
'n klag, dalk minder ernstig as die een van nou,  
op jammerlike wyse in 'n vloed van trane,  
die jurie smekend om genade, sy bloedjong kinders  
hof toe gesleep het om die meeste meegevoel  
te wek, ook sy verwante, en op die koop toe — vriende!  
Ek, Here, sekerlik, sal daardie spel nie speel nie  
al staar 'k ook, soos dit skyn, die uiterste gevaar  
in die gesig . . .

Geagte Here ook ek, toevallig, het verwante,  
— en om die woorde van Homeros aan te haal:  
selfs ék het nie sommerso „uit hout of klip” ontspruit nie;  
uit ouers egter, mense net soos ons: gevolglik  
het ek ook my verwante; ja, seuns ook, Here,  
drie stuks: een haas volwasse, kinders die ander twee;  
maar almaskie: ek hulle hier bring en U smee  
om my te ontslaan? Dit sal ek om die dood nie doen nie.  
U vra miskien waarom 'k so onverbidlik weier?  
Nie uit verwaandheid, ook nie uit minagting, Here.  
Of 'k moed het om die dood te ontmoet? Dit, Here, is  
'n ander saak; maar vir my goeie naam en dié  
van u en van die staat, sou dit nie reg van my  
wees om gebruik te maak van sulke dwase metodes  
terwyl ek oud is en dié naam het, reg of nie . . .

. . . liever kies ek dood op dié verdediging  
as vryspraak op 'n pleitende lamsak se pleidooi.

In 'n gereghof, net soos in 'n oorlog, mag  
nóg ek nóg iemand anders deur sy slimigheid  
die dood met allerlei soort draaie en bokkespronge  
probeer ontwyk. Dis op 'n slagveld maklik om  
die middel van ontsnapping bo die van te sneuvel  
te neem deur hensop en jou aan die genade van  
vervolgers oor te gee. So is in alle gevaar  
daar menige lis om uit die dood se greep te bly,  
solank as jy gewetenloos genoeg is om  
vir niks te stuit. Maar, Here, mag ek dit so stel:  
die moeilikheid is nie soseer om dood te ontduik nie;  
veel moeiliker is dit om boosheid vry te spring,  
want, waarlik, hý 't verweg die vinnigste paar voete!

In my geval word nou die stadige ou man deur die een van die twee wat stadiger beweeg verby gestee, maar my vervolgers, slim en vinnig, word deur die vinniger een gevang: verderflikheid. As ek die Hof verlaat, gaan ek hier weg, gevonniss deur julle om te sterf, maar hulle gaan weg verdoem deur waarheid vir hul ondeug en verdorwenheid en hul aanvaar hul vonnis, net soos ek ook myne. Dat dit juis só moes gaan, daarvoor bestaan min twyfel. Boonop vir beide sye is't blykbaar ewe billik. Na alles wat ek nou gesê het, voel ek oorgehaal om vir dié wat hul stemme teen my uitbring het, te profeteer, want ek bevind my in die stemming waar gawes van profesie geredelik vlot ontwaak — dis by die nadering van die dood: Ek sê aan u, my beuls, so gou as wat ek dood is, sal vergelding neerdaal op u en met 'n baie pynliker straf, by Zeus, as die waarmee u my ter dood gebring het. U het my lewe geneem in die geloof dat u uself kan los maak van die plig om u gedrag van dag tot dag aan die kritiek te onderwerp. Maar glo my as ek aan u sê: die resultaat sal net die teendeel wees as wat u nou op hoop: meer kritici sal u beveg, ook die wat nou, sonder u wete deur my hulself bedwing, dié jonges sal feller op u hamer en meer ergernis aan u besorg; u dâáglikse lot sal dit dan wees. Verwag nie dat verdoeming van u dwase daad sal eindig as u almal om die lewe bring, want daardie redenering is totaal verkeerd. Langs hierdie weg ontvlug? Dit is onmoontlik en oneervol, Here. Die beste en maklikste weg is nie om ander se monde toe te maak nie, maar uself tot goeie mense te omskep, as u dit kán. Dit is my laaste woorde aan hulle wat my dood wil hê.

GERHARD VAN DER LINDE\*

*brief*

vriend,  
jy moet hierdie gesig  
deur God gebeitel  
uit die marmer van Carrara  
en gelouter deur suur  
hierdie bene vel en bietjie vleis  
hierdie klein en bitter hart  
maar polsend van bloed  
nie verraai nie maar liefhê  
tot Hy dit anders wil

\*

*insek*

op my tog deur die riete  
is ek bedreig  
deur torre  
wat met rooi oë  
en bottelskerftande  
sit en loer  
en peins  
oor nagtelike dinge

toe het ek  
met swak pootjies  
onder 'n blaar ingekruip  
en met sagte vlesigheid  
het sy my getroos

\* 'n Veertienjarige — Red.

MARLISE JOUBERT

CLIFTON

In die holte  
van tweede strand gisteraand  
kruip jy uit jou keel en dans  
jou eie see oor die sand  
rondom die vuurblom  
in die holte van  
tweede strand:

jou hart wat skuim jy spoel  
die seester van jou mond  
oop in die nag jy speel jy klim  
op Duikerrots jou groot  
olifant en jy wieg  
jy wieg op sy rug  
in die see

In die eerste mis vanoggend  
lê jou spore bedek  
onder grys valleie in die web  
van 'n wind lê jou smeulende  
hart

bedek in die holte  
in die hange  
van die see

WORD EK DIE WINDNAG

Word ek die windnag  
word ek die wynster  
hoe moet ek sê  
o hoe  
moet ek sê

My voëls is kitare  
om wolke te vermaak

My sonne is klokkies  
en kielie die rug  
van die see ek wil jou hê

ek wil jou hê

1969

My stad se pleine  
gil die noviteit  
van Nuwejaar

Ek het hom nooit  
sien wakkerkrul opstaan  
of sien loop miskien skud  
hy die somer uit die bome los  
laat diere paar of waai die nagte  
toe met warm reën

Ek sou hom wil vra:

Verklaar die litteken  
van verlede jaar as jy  
geluidloos kom geheime  
houtscool messel in my oë  
vertel my jy is hier sodat  
ons saam jou dae se wit  
begrippe binnedring

Miskien is somers nooit verniet  
dans my voete laas se hart en lewe  
stof word ek oorgemaak nuutgemaak  
lui my woord 'n klok tot in  
die verste wintertyd

spat my mond 'n vuurwerk om  
die wreedste wêreld uit te wis  
van verlede en van voor  
verlede jaar

## DE OPSITKAARS

Met die wijsvinger van zijn linkerhand volgde Venter de smalle gleuf tussen de witgeschuurde planken van de tafel. Een klein wit korreltje brood bleef aan de top van zijn vinger plakken. Werken ging hem vandaag niet af. Hij voelde zich wat lusteloos, zeker malaria of die nieuwe ziekte van de dokters. Hoe heten ze die ook weer? Ah, ja, griep!

Venter was een Boer zoals beschreven staat in de romantische werken over de Trek. Oneindig groot, schouders zo breed als het juk van een ossewagen, en een onvergetelijke weelderige baard.

Niemand heeft ooit geweten hoe hij zijn uit geitevellen vervaardigde veldjas dichtknoopte. Zijn baard verborg gewoon zijn enorme borst.

Boer Venter leefde gelukkig op zijn hoeve „Nietvergeten” met Hannie zijn vrouw en dochter Elizabeth.

Bij zijn huwelijk had zijn vader hem de familiebijbel geschonken en lachend uitgeroepen: „Het eerste blad is vol, zorg jij dat het tweede ook vol komt!” De predikant had ook stillertjes gelachen, maar dat deed die altijd, zodat Venter vandaag nog niet wist of de dominee de grap van zijn vader welvoeglijk had gevonden. Buiten de naam Elizabeth had hij niets meer moeten bijvoegen en was dan ook het schrijven volledig verleerd.

„Is er iets, Venter?”

De boer had zijn vrouw niet horen binnenkomen en even schrok hij op.

„Neen . . . neen vrou . . . hoe is het met Bontrok?”

„Fijn, maar het zal nog niet voor vanavond zijn.”

„Laat ons hopen dat ze eindelijk eens een stiertjie werpt, dan . . .”

„Niet in hoogmoed vallen man, wat de Heer geeft is goed gegeven.”

Met een prijsstier zou hij er werkelijk boven op zijn. Niet alleen een goede cent aan verdienen maar ook de man van uren in het rond zijn, de stichter van een nieuw ras: de Venter-stal.

Venter had niet geantwoord en betrapte zich erop dat hij aan het dagdromen was. Even schudde hij zijn ruige kop als om zijn gedachten weer op hun rechte plek te schommelen en vroeg:

„Is er een feest vanavond?”

„Waarom vraag je dat Venter?”

„Je bent zo mooi gekleed. Je beste japon heb je aange-

trokken en de hele dag waren jullie twee in de keuken aan het rondscharrelen."

„Ben je het dan vergeten?"

„Wat vergeten?"

„Wel . . . Hendrik komt straks."

„Wat!"

Venter was lenig recht gesprongen en trippelde als een hen die geen ei kan leggen in de kamer rond.

„Maar vrouw, Elizabeth is nog maar zeventien. Ze is nog veel te jong."

„Stil maar man, ik had die ouderdom nog niet toen jij mij naar Nietvergeten meetroonde."

„Maar Hendrik is geen Boer!"

Venter liet zich in een zetel neervallen. Wat is er vandaag toch allemaal aan de hand. Het graven van die moeilijke gracht op het veld. Dan Bontrok die geen haast schijnt te krijgen. En nu daagt er een kerel van Pretoria op, waar de mannen brieven schrijven en komen voorlezen hoe het moet, juist of wij onze Bijbel niet meer kennen. En juist zo een jongen wil mijn dochter huwen. Hij zal moeten bewijzen wat hij waard is.

„Hendrik is een man van de regering Venter. Venter! luister in plaats van de dromen. Hendrik is een man van de regering. Zonder haar kan ons land nie bestaan. Zonder die mannen gaat het niet."

„Heu . . . waarom niet . . . zonder hen gaat het wel. Waar zijn de kaarsen?"

Zonder een antwoord af te wachten liep Venter met reuze-stappen naar de kast, trok de bovenste lade open en haalde er een kaars uit. Hij hield ze tegen het licht van het venster. Dan nam de boer zijn mes en hakte met een zwaai er een heel stuk af.

„Zo, te lang opzitten zullen ze niet."

Met een bons vloog de deur open.

„Moeder, moeder, hij komt. Simon heeft Hendrik op de top van het kopje gezien!"

Als een jeugdige cycloon was Elizabeth het huis komen binnen stormen. Haar lange swarte haren dwarrelden als een loodzware waterval over haar tengere schouders. Haar wangen vertoonden een rode blos. Hijgend bleef zij in het midden van de kamer staan en zag dan eerst de hoge gestalte van haar vader voor de kast.

„Avond vader, ik had je niet gezien."

„Zo klein ben ik anders niet, kindje."

„Denk er toch aan, man, dat Elizabeth geen kind meer is."

Venter was zijn dochter genaderd en stak haar zonder moeite tot tegen de zoldering.

„Voor mij blijf jij altijd mijn kindje, niet waar, Elizabeth?"

„Ja vader."



„En waarom ben je zo opgewonden? Hendrik komt toch maar zoals altijd een mededeling afleveren.”

De boer had zijn dochter terug op de vloer gezet. Langzaam liep Elizabeth naar haar moeder, draaide zich dan beslist om en zei:

„Hendrik heeft mij bij het laatste Nagmaal beloofd dat hij een kaars van wel twee meter zal meebrengen als Boer Venter er soms geen meer in voorraad zou bezitten.”

Wat moet je nu als vader zeggen? En de moeder spant natuurlijk met haar dochter mee. Van die kant is er ook geen hulp te verwachten. Als het is om een man in het gareel te krijgen dan branden die vrouwen allemaal dezelfde kaars.

„In de bovenste lade ligt de kaars van Boer Venter. Nu ga ik de gast verwelkomen.”

„Dank je vader, je bent een schat!”

Door zijn wilde baard heen voelde Venter de zachte kus van zijn dochter. Met een korte ruk trok hij de deur achter zich dicht.

Haastig liep Elizabeth naar de kast, opende de lade en nam de verminkte kaars er voorzichtig uit. Haar gelaat verdonkerte.

„Moeder, kijk eens, die kaars is maar half. Wat zal Hendrik van ons denken?”

„Vader heeft er een stuk afgekapt.”

„Moeder, mag ik . . . mag ik er een andere in de plaats leggen?”

„Ik weet niet.”

„Toe moeder.”

„Goed, maar snel dat vader het niet ziet.”

Buiten klonk het hinniken van een paard.

„Hou Blessie, kalm aan jongen . . . kalm . . . Avond, Boer Venter.”

„Avond, Hendrik.”

Is dat nu de jeugd van vandaag, dacht Venter. Geen baard of snor. Straks laten zij hun haren nog tot in hun nek groeien, dan is er helemaal geen verschil met de vrouwen meer. Waar zouden zijn kogels steken? Die praktische kogelbanden draagt hij ook al niet meer over zijn borst. Zou dat nu de nieuwe mode in het dorp zijn? Gelukkig heeft hij nog een echte Boerenhoed op zijn kop. En volgens Hannie zou ik nu maar gewoon moeten zeggen: veel geluk Elizabeth en Hendrik en tot ziens! Maar zo gemakkelijk mag het toch ook niet gaan. Wij moeten die jonge mensen wat traditie laten voelen. Dat hoort nu eenmaal bij de vaderrol en haha . . . straks zal ik dan wel moeten toegeven.

Venter lachte letterlijk in zijn baard en die jonge man, die ondertussen van zijn paard was gestegen, lachte eveneens al wist hij niet waarom.

„Welk goed nieuws brengt mijn zoon?”

„Niets speciaal oom, maar ik kwam toch langs en waarom dan niet even binnen wippen.”

„Natuurlijk . . . werd de koeriersroute verlegd?”

„Neen oom, waarom?”

„Twintig mijlen omrijden om even langs te lopen lijkt mij toch wat ver.”

Daar had ik de jonge haan goed liggen. Zo stom ben ik toch ook niet. Vervelend dat Hannie juist moest buitenkomen en hem dan nog als een verloren zoon verwelkomde. Na het eten nog wat van die kaars afsnijden.

\*

Zeer voldaan wreef Venter langzaam met beide handen over zijn gespannen buik.

„Zo, dat heeft lekker gesmaakt vrouw!”

„Alle eer komt aan Elizabeth, man, zij heeft het eten toebereid.”

„Proficiat dochter. Kom, terwijl jullie afruimen zal ik een lekker borreltje inschenken. Jij drinkt ook mee Hendrik?”

„Zeker oom, al wat slecht is voor het vee is goed voor de mens, zegde oom Piet altijd.”

Terwijl Venter de glaasjes uit de kast haalde, loerde hij vluchtig in de halfgeopende bovenste lade. Die kaars schijnt gegroeid. Ze zijn alle drie in de keuken. Snel. En met een kunstige zwaai bracht de boer de kaars weer tot de afmetingen van wat hij een normale opsitkaars vond. De andere helft verstopte hij achter een kader op de kast. Dan zette hij de glaasjes op tafel en goot ze behendig vol, tot aan de rand zonder een druppel te morsen.

„Waar blijven jullie?”

„Wij komen,” riep Hannie terug.

Lachend kwamen Hannie, Elizabeth en Hendrik de kamer binnen.

„Gezondheid! gezondheid!”

„Nog maar eens vol gieten. Het smaakt lekker. Vind je ook niet dat het al aardig donker wordt. Elizabeth, zou je de kaars niet even aansteken?”

Venter had het wel gezien. Het gelaat van zijn dochter veranderde toen zij de kaars voorzichtig opnam. Haar vlugge blik naar moeder was hem ook niet ontgaan. En even later stond Hannie recht en verdween. En jawel, zij riep haar man om naar Bontrok te komen kijken want die reageerde zo vreemd. Alles was natuurlijk normaal, alleen dat Bontrok met haar grote ogen verwonderd lag te kijken vanwaar die plotse-linge belangstelling voor haar persoon scheen te komen.

Toen Venter terug binnenkwam vroeg hij bars.

„Wat is er met die kaars gebeurd?”

„Niets vader,” antwoordde Elizabeth.

„Die schijnt gegroeid. Vind je ook niet moeder? Bij mijn weten hebben wij nooit zulke lange kaarsen gerold.”

„Ach man, nooit heb je belang in de kaarsen gesteld. Elke avond lig jy in je zetel te snurken. En vandaag ken je maar één onderwerp.”

„Een zeer belangrijk onderwerp vrouw. Hoe zit het Hendrik, rij je deze nacht nog verder?”

„Vader!” riep Elizabeth.

Natuurlijk kreeg Elizabeth weer die tere roze blos op haar wangen, die zij altijd krijgt als haar inmenging in het gesprek wat te voorbarig komt. Gelukkig kwam mijn vrou haar te hulp.

„Hendrik blijft overnachten man, de logeerkamer werd al in orde gebracht.”

„Dank u tante,” antwoordde Hendrik.

„Niets te danken jongen, oom maakte maar een grapje. Je jaagt in de nacht nog geen paard alleen het veld in, nog minder met een jonge kerel erop.”

„Het zou mijn eerste nacht niet zijn alleen in het veld. Maar plezierig kun je het toch niet noemen. Het vuur mag niet uitdoven en dan de hele tijd die loerende gele ogen van de hyena's rond de slaapplek.”

„Waarom knal je dan die dingen niet gewoon omver Hendrik, ze leren de jonge mannen toch wel schieten in Pretoria?” vroeg Venter.

„Natuurlijk oom, zelfs 's nachts oefenen wij.”

Ha, hier ligt mijn kans, dacht Boer Venter. De hele tijd rond de kaars draaien zonder de ware reden van zijn bezoek te vertellen. Die kaars brandt veel te langzaam. Er even spoed achter zetten anders zien wij ons bed van heel de nacht niet.

Met een plotse ruk stond Venter uit de krakende zetel recht, nam de kaars van de tafel en met een zwaai hakte hij ze in twee stukken.

„Neem je geweer Hendrik, en Elizabeth breng jij het mijne.”

De Boer stak de ene helft van de kaars aan met het andere brandende stuk en stapte naar de deur. Moeder opende en plechtig liep Venter naar buiten, de twee kaarsen als relikwiën voor hem omhoog houdend, de donkerte in. Een ruk later was hij terug. In de verte flikkerden de vlammetjes van de twee kaarsjes.

„Eerst jij Hendrik,” zei Venter.

Hendrik begreep, schouderde zijn geweer en bang! Een lichtje doofde uit. Hij stak een nieuwe kogel in. Mikte. Bang! Ook het tweede vlammetje verdween.

Bravo, bravo, bravo riepen de vrouwen en ook Venter. Elizabeth liep naar de kaarsjes om ze weer aan te steken. Venter schoot zonder mikken het eerste lichtje uit. Voor de tweede beurt besteedde hij meer aandacht. Bang! De kaars doofde uit. Bravo, bravo riepen de anderen.

„Ik zie dat ze een goede opleiding aan onze jongens geven.

Daar moeten wij er nog eentje op drinken. Eerst de kaarsen halen."

Terug in de woonkamer stak Venter een helft aan terwijl hij het andere stuk achteloos naast de kandelaar legde. Hij ging zitten terwijl hij zijn glaasje langzaam naar zijn mond bracht.

Hoe zouden de vrouwen de situatie nu gaan redden? dacht Venter.

Hannie begin de toestand onplezierig aan te voelen, terwijl Elizabeth nukkig werd.

Maar ik kan Hendrik toch niet dwingen de vraag te stellen? Als ze er nu in slagen een andere kaars in de plaats te krijgen dan geef ik me gewonnen. Het wild besluipen en raak schieten is gemakkelijk, Hendrik jongen, zo is het leven nu eenmaal . . . maar een vrouw is moeilijker te veroveren. Moet zo niet slikken, zoon . . . vraag het gewoon maar. Zou hij het doen?

„Oom,” onderbrak Hendrik hakkend de overpeinzingen van Venter, „ik . . . wij . . . Elizabeth . . . hebben elkaar ontmoet bij het laatste Nagmaal en nu . . . zou ik . . . vraag ik . . . zouden wij . . . graag met elkaar . . .”

Juist op dit beslissend ogenblik stootte Elizabeth de kaars op tafel om. In de donkerte vervolgde Hendrik heel gewoon zijn zin:

„. . . . trouwen.”

Boer Venter bleef rustig in zijn zetel zitten. Hij had verloren. Toen het weer licht werd keek hij eerst naar het rood geworden gelaat van Hendrik en dan naar het nog roedere hoofd van zijn dochter.

Het was een zeer mooie kaars die netjes rechtop in het midden van de tafel stond, een bovenarm dik en ze was zeker drie voet lang indien niet langer.

„Kom vrouw, wij gaan slapen,” zei Venter, „laat hen maar toekomstplannen smeden.”

\*

De volgende morgen vond Boer Venter de twee verliefden rustig slapend met de hoofden op de harde houten tafel.

Zij hielden elkaars handen vast . . . en de kaars brandde nog steeds.

## HONGER

### EEN

*tot siens  
aan die blom  
die rooiblom met gesplete blare  
die soetblom o die soetbitterblom  
wat die gif dra op sy stamper  
aan die soetrooiblom wat die heuning tuit  
tot my lippe drup van loute  
aan die vlam o die vlamrooi stingeltong  
wat die roeringe bring in my aarde*

*tot siens  
aan die soensondereinde  
sondereinde  
ein  
de*

•

### TWEE

Hy het prentjies geteken en toe's hy dood om die reënboog te gaan haal. Nou bly alles droog maar ek drink darem nog water uit 'n blou beker soos sy oë blou. Soggens drink ek dit. Huil dan tot die middag. Steek 'n rooi blom in my hare om by die Griek se kafee te gaan eet. Daar lag ek. Het mooi my geld vergeet en kom net betyds vir aandkos by die huis sonder honger. (Langs die pad het ek in 'n winkel aan die slaap geraak op 'n bont stoel.) Nou's dit saans. Ek eet heuningkoek met bruin bye in op my brood. Dis lekker. (Dood waar is jou engel?) Soet is lekker en slaap is lekker. So is my dag verby.

Hulle sê sies tog sy's mal.

Toe koop ek 'n pers handdoek vir die vroumens in die spieël.

Sy moet weg want sy's lelik.

Haar vel is geel soos botter.

Gister sien ek 'n voël op die boonste tak hoog soos die hemel.

Toe sing ek saam.

Dit was 'n bottervoël.

Vanaand onthou ek om uit te trek.

Daarvoor is ek dankbaar.

'n Kat met groen oë het ook teen my kom skuur. Dit was mooi. Groen soos die lusern in jou plat prente wat hulle nie wou koop nie.

Kietsie kietsie.

Lek die wit melk met jou rooi tong.

(Die blom is ook dood.)

Die skoorsteen rook.

Ek maak dus weer kos om te eet om te leef.

Jy het prentjies gemaak. Ook met houtskool.

Skoorsteenveërs doen halwe werk. Te veel roet het op die Griek se hare geval. Ek koop nie meer daar nie. Dis te swart. Joute was geel. En hy kyk anders na my.

(Miskien word ek weer mooi agter die pers handdoek?)

O, die viooltjies wat jy vir my gebring het!

(Voor die nag jou kon opsuig.)

Pers en swart.

Hulle dink snaakse dinge van 'n mens. Sies tog. Miskien is jy nog net 'n snaakse dinkding. Soos blomme en bottervoëls en lusern en melk. Van die grond en/of hemelhoog. Soos jy.

Ek gaan brood knie.

Die spieël staan kaal.

Vandag het dit gereën. Ek kon 'n nuwe rok koop. Met bont strepe.

Dis verby.

Alles is weer. En ook. Maar sonder hom.

Tyd.

Tyd.

Tyd.

## DRIE

*Liewe — ,*

*Jou broer is dood. Ons twee was byna susters. Nou skryf ek maar om die tyd om te kry.*

*Dit gaan goed. Net jammer dis nie nou winter nie. Dan was daar soggens meer om aan te trek. Kouse en truie en jasse. Alles dinge wat die koue uithou. En die tyd krimp. Om te eet neem ook nie veel langer nie. (Al vermenigvuldig jy dit met*

die daaglikse drie.) Ten spyte daarvan word ek skandelik vet. Peusel sonder ophou. Het jy raad? Behalwe stap. Dié doen ek gereeld buite die dorp. Na die reën moet jy die lusern sien.

Gister was die munisipale man hier om die ligte te meet. (Hoekom is sulke mense altyd haastig? Ek beny hulle.) Maar toe vertel hy my darem van sy kat wat kleintjies gekry het. Nou sit ek met 'n vaal bastertjie sonder pedigree. Sy oë is prentjiegroen. Ons drink saam bottel op bottel melk uit soos alkoholiste.

Hoe gaan dit met jou ouers? Ek was siekerig maar is nou weer gesond. Sê veral dankie aan jou moeder. Vir hom.

Die kafee op die hoek het my voor die stoof gedwing. Soms rangskik ek ook blomme of brei aan my nuwe pers trui. Jy sien dus dat die lewe weer soet is.

Buite gaan die vinke te kere soos mal goed.

Ek word al weer honger en die son sit nog hoog So 'n trae ou man. (Of het al die horlosies gaan staan?)

Groete,

—

THEUNIS C. C. LOMBARD

BEVEL!

Geometries spring die kort bevel:  
Gewere, arms, bene rats in pas,  
glim-gevelde bajonette snel  
wiskunde van beweging vas.

Oer en sterk die wilde drang;  
waaróm indoenas assegaie slyp en dalk  
verre Vlaandere se grafte kruisies wrang,  
gestolde eggos teen die einders spalk.



A. D. J. VAN VUUREN

## SONDVLOED

In vroom verwagting  
dat die vrug sy weg  
wéér in die soet aar van my liefde  
terug sal vind,  
stort ek die saad.

Paarsgewys  
ruil chromosome gene uit,  
en ná veertig dae en veertig nagte,  
stoot Ararat sy vuil snoet  
as vaste rusplek uit.

Hoe vér kring die golf  
van Adam nie, —  
tót by die dun bors  
van my naakte kind,  
wat sy maer knieë  
sterk in die troebel vloed moet buig

voor die toorn  
en die hoë reënboog van God.

## SPREKEN MET GERARD WALSCHAP

Op vrijdag 4 oktober. Op het paleis op de Dam te Amsterdam wordt door Koningin Juliana aan Gerard Walschap de Prijs der Nederlandse Letteren overhandigd. Hij is na Teirlinck en Streuvels de derde Vlaming die hem krijgt. In de zaal een honderdtal genodigden, waaronder verschillende familieleden van de lauréat. Het is een zeer eenvoudige plechtigheid, waarbij het werk van Walschap even belicht wordt door Prof. Dr. J. Aerts en ten slotte de bekroonde zelf aan het woord komt. Hij is niet groot van gestalte, maar levendig en fris ondanks zijn zeventig jaar en als hij spreekt, klinkt zijn rustige en welluidende stem duidelijk en warm door tot alle aanwezigen.

Wat hij zegt is een getuigenis over zijn werk en zijn streven. Niet de eerste maal dat hij daarover handelt, dat hij zichzelf verantwoordt. Toen hij begon te schrijven aan zijn lange reeks romans en verhalen, dat is nu bijna veertig jaar geleden, is hij het voorwerp van onbegrip en onverstand geweest. Wat onmiddellijk voor hem inneemt is zijn openheid van gemoed, ook zijn verbondenheid met het volk waaruit hij is gegroeid. Zijn ouders waren kleine middenstanders, winkeliers in het Brabantse dorp Londerzeel, dat niet ver van Brussel is gelegen. Daar werd Walschap op 9 juli 1898 geboren. Zijn vader was, wat zijn zoon op een andere manier zou worden, de raadgever van zijn klanten, de bezieler van zijn lezers.

Hij is er zich van bewust. Want in het gesprek waarvan dit artikel het verslag is, heeft hij dat helder doen uitkomen in zijn opvatting over wat letterkunde voor hem betekent:

— In de geschiedenis van onze literatuur door R. Lissens staat dat ik de roman vernieuwd heb, te zamen met Roelants en Zielens, die daar nooit aan hebben gedacht en het nog veel minder gedaan. Nu zou Elsschot, die zich noch als dichter noch als prozaschrijver door enig eigentijds literair programma liet inspireren, te zamen met mij de Nieuwe Zakelijkheid hebben ingevoerd.

Ik heb dit wel bewust gewild, maar ik heb die Nieuwe Zakelijkheid slechts aanvaard omdat zij overeenstemde met de ideeën die ik reeds had en die ik in volgende chronologische orde opdeed:

1. Van zeer jongsaf de gedachte dat literair talent en geschrift dienen tot „goeddoen”, onderrichten en stichten.
2. Van in het middelbaar onderwijs de gedachte dat de kunst-omde-kunst van de Tachtigers (Kloos en zijn medewerkers aan „De nieuwe Gids”) en anderen een smadelijke verloochening was van het principe sub. 1.

3. Tegen het einde van de oorlog en vooral na het einde de gedachte dat de literatuur en de andere kunsten van de grond af een nieuwe beschaving moesten opbouwen.

Met deze drie ideeën strookte de Nieuwe Zakelijkheid die ik na mijn filosofische studies leerde kennen.

Het is zo dat Walschap zijn studies in de wijsbegeerte en theologie onderbroken heeft om zich aan de kunst te wijden. Hij werd achtereenvolgens redakteur-sekretaris van de weekbladen *Het Vlaamsche Land* (1923-28) en *Hooger Leven* (1928-38), redakteur van de maandschriften *Dietsche Warande en Belfort* (van 1930 tot 1939) en *Forum* (in 1934-35). Sedert 1945 behoort hij tot de redaktieleiding van het *Nieuw Vlaams Tijdschrift*. Walschap debuteerde met romantisch eksistentiële godsdienstige lyriek en een viertal didaktische toneelstukken, die in samenwerking met Frans Delbeke geschreven werden.

Aan dat werk hecht hijzelf nog weinig belang. Zo ook aan zijn eerste roman *Waldo* (1928), een ekspressionistisch verhaal, waaruit zeer opvallend zijn etische ingesteldheid op het leven blijkt. Zijn opgang als schrijver begon eigenlijk pas met de romancyklus *Adelaide, Eric en Carla* (1929-33) en de verhalenbundels *Volk* (1930) en *De Dood in het Dorp* (1930). Dat laatste werk, waarvan de stof gegrepen werd uit het leven van de gewone mens en dat geschreven is in de taal van het volk, deed ons de vraag stellen of wij hem niet, anders dan Buysse en in veranderde omstandigheden, als een voortzetter mochten beschouwen van hetzelfde sociaal-realisme.

*Aan een voortzetting van het sociaal-realisme van Buysse heb ik nooit gedacht. Mijn eerste novellen zijn eerst en vóór alles en bijna uitsluitend een reactie tegen de mooischrijverij, een bewijs dat zelfs uit de gesproken taal een kunsttaal kan worden gesmeed. Mijn eerste romans beschrijven een worsteling met morele problemen. Buysse heeft nooit aan een literair eksperiment of een persoonlijke uiteenzetting met morele preskripties gedacht. Hij was een dokumentator van het leven en dat heb ik nooit willen zijn.*

In een vraaggesprek met A. Cornelius, dat in het jongste decembernummer van *Lantern* (Pretoria) is verschenen, staat dat de belangstelling van Walschap alleen naar de mens uitgaat. Dat is een gemeenschappelijke eigenschap van alle grote vertellers en dramaturgen. Maar er kan dan nog een onderscheid gemaakt worden tussen degenen die eerder de essentiële problemen in en om de mens behandelen en degenen die zich overwegend om aksidentele gegevens bekommeren.

Walschap heeft die geloofsovertuiging uit zijn jeugd als een voorbijgestreefd stadium achter zich gelaten. Bijna metodisch heeft hij zich sedertdien een eigen wereldbeschouwing opgebouwd en daarbij aansluitend een levenshouding uitgebeeld, die hem gevoerd hebben tot het scheppen van talrijke blijvende figuren, die nog het scherpst uitgetekend staan in

Thijs Glorieus, de held van draagzaamheid en volkse wijsheid uit *Een Mensch van goeden wil* (1936) en de onvergetelijke Houtekiet, uit de roman met dieselfde naam (1939), de belichaming van een schuld- en schaduwloos vitalisme.

Vandaar onze vraag: Is het niet zo dat het evenzeer de wereldbeschouwing is van de mens, de bewuste verantwoording over zijn handelen, die voor u belang heeft, als dat handelen zelf?

*Mijn belangstelling is gericht op de mens en op zijn diverse aspecten scherper gericht naar gelang ze belangrijker zijn, dus het minst op zijn uiterlijk en het meest op zijn innerlijk leven en in dat innerlijk leven minder op zijn verhouding tot de maatschappij dan op zijn verhouding tot de vrouw en het meest op zijn verhouding tot God of het Raadsel.*

De rustige zekerheid van deze verklaring sluit ongewild een standpunt in ten overstaan van een hedendaagse literatuur-opvatting, die weigert tussen het letterkundig werk en het leven van de schrijver en zijn publiek een zingevend verband te erkennen. Hoe denkt Walschap over de waarde van de Nouveau Roman en de strekkingen die erbij aansluiten? Naar de kern zijn ze niet nieuw voor wie met het esteticisme van de vorige eeuw, met Aletrino en Van Looy bekend is, maar wel worden zij met groot talent voorgestaan vanuit een kritisch bewustzijn dat ook in jonge filosofische stromingen aan het woord is gekomen.

Wij vroegen hem: Acht u het nodig dat de literatuur een taak volbréngt buiten haar eigen doel een mooie schepping met woorden te zijn, van een eigen in zichzelf besloten wereld?

*Ik acht dit nodig en zelfs onvermijdelijk omdat de woorden nu eenmaal een betekenis hebben. De woorden hond, held, God vertegenwoordigen door die betekenis zeer verschillende ideeën en gevoelswaarden. Men kan ze b.v. in een zuiver klankdicht zonder hun betekenis gebruiken en toch letterkunde bedrijven, nl. met hun muzikaliteit en een schaduw van betekenis, die nooit helemaal weg te denken is.*

*Naar gelang de volle waarde van de woorden wordt te werk gesteld, worden de grenzen van de „mooie schepping” overspoeld en beweegt het literaire werk zich over al wat des mensen is. Belangrijker, groter wordt het kunstwerk naar gelang het de hoogste menselijke waarden viert. Natuurlijk, een stuntelig geschreven lofzang op de Drieuldigheid is literair minder waard dan een magistrale Godloochening door Multatuli; de vorm kan zonder de inhoud bestaan, de inhoud niet zonder de vorm, maar de vorm ontleent ook luister aan de inhoud.*

Walschap is, en dat blijkt voldoende uit zijn antwoorden, evenzeer denker als verteller. Er bestaan van zijn hand een hele reeks artikels en essay's, waarin hij zijn kijk op de kunst

over het algemeen, de literatuur en sommige schrijvers in het bijzonder heeft uitgesproken en daarnaast een aantal boeken waarin hij de ontwikkeling van zijn filosofische overtuiging, haar inhoud en haar tegenstellingen heeft verklaard. In zijn *Voorpostgevechten* (1943) heeft hij in verband met de roman volgende stellingen verdedigd:

1. *De roman is een verhaal en niets anders.*
2. *De inhoud is belangrijker dan de vorm.*
3. *De etische waarden primeren op de esthetische.*

Ondertussen zijn er jonger generaties met nieuwe opvattingen aangetreden, maar Walschap is gebleven wie en wat hij was. Niet in de zin dat hij verstarde in een eenmaal ingenomen standpunt, tot een eenmaal ingenomen standpunt om het nog scherper te stellen. Hij is meegegroeid, wij zien niet in dat het met de tijd zou gebeurd zijn, maar wel met zijn rijker kennis van het leven, van de mens en zijn kultuurschat. Zoals uit zijn jongste boeken *Het Gastmaal* (1966) en *Het Avondmaal* (1968) blijkt is die evolutie zo gegaan dat hij al zwaarder nadruk gelegd heeft op de morele en wijsgerige dan op de anekdotische inhoud van zijn werk. Walschap is minder dan ooit de esteet van een ontzielde woordkunst en meer dan ooit een boodschapper, bijna een profeet, als die naam niet geladen was met een betekenis die enigszins in tegenstrijd is met zijn rationalisme.

Om Walschap toe te laten misverstanden te voorkomen hebben wij dan opgeworpen of hij door het versterken van de theoretische inhoud van zijn romans niet van zijn oorspronkelijke verhaaltechniek is afgeweken en er eerder betogen van heeft gemaakt.

Duidt dat misschien op een gewijzigd kunstinzicht?

*Een roman is inderdaad een verhaal en een boek dat geen verhaal is kan prachtig zijn, maar is dan geen roman. Men heeft mijn formule altijd beschouwd als een exclusieve aanbeveling van mijn eigen verhaaltechniek. Dat was nooit mijn bedoeling. Uit het technisch verschil tussen mijn boeken blijkt duidelijk dat volgens mij elke stof haar passende verwerking opdringt.*

*In Bejegening van Christus (1940) ligt de kern van het verhaal in een monoloog en in Oproer in Kongo (1953) in een twistgesprek. Beide maken minder dan een derde van de tekst uit. De formule van de Nouveau Roman, die in mijn ogen met stupiede argumenten wordt gepredikt, leerde mij dat daarin kon worden uitgedrukt wat het traditioneel verhaal niet zo goed tot zijn recht laat komen. Zij trok mij ook als vakman aan.*

*Vandaar dat mijn twee jongste romans dagboeken zijn van iemand die als onevenwichtig wordt beschouwd en zelf aan zijn geestelijke gezondheid twijfelt. Vandaar ook de technische ekshibities van lange volzinnen en dergelijke.*

*Ik moet nu afwachten of men ook letten zal op de inhoud van deze nouveaux romans. Hij is veel belangrijker dan hun techniek.*

Wij zien het zo dat men een kunstenaar miskent als men geen rekening houdt met wat hij verlangd en gewild heeft en ook voorbij gaat aan de mening die hij heeft over zijn eigen werk. Vandaar dat wij hem een banale en licht vervelende vraag stelden, maar wij achtten het antwoord erop van niet geringe betekenis om tot een juiste interpretatie van Walschaps werk te komen: Welk is of zijn uw liefste boek(en)? Of verandert die voorkeur van de ene periode tot de andere? Licht uw eerste werk verder van u af dan het laatste?

*Mijn voorkeur verandert niet. Al heb ik geschreven gelijk een vulkaan spuwt, ik heb toch altijd een vakman willen zijn en daarom wetens en willens een aantal dingen geschreven waarvoor ik volgens sommigen „te goed” was. Ik zie mijn werk dus op verschillende hoogten liggen en het laatst geschrevene is mij niet nabijer dan het eerste.*

*Ik houd het meest van Houtekiet (1939) omdat ik daarin het meest van mezelf heb kunnen leggen. Na dat boek wordt mijn voorkeur zuiver artistiek bepaald en daarvoor staat Volk (1930) als vrucht van een inspiratietrance voorop. Dan volgen zoals in de wielrennerswedstrijden terzelfder tijd Adelaïde (1929), Carla (1933), Trouwen (1933), Celibaat (1934), Zuster Virgilia (1951), De Française (1957). Weer op een geheel ander plan, vlees van mijn vlees en bloed van mijn bloed, zijn Vaarwel, dan! (1940), Salut en merci (1955) en Muziek voor twee Stemmen (1965).*

*Ik beantwoord uw vraag echter alleen om u niet teleur te stellen. Zelf hecht ik aan deze kategorisatie weinig belang. Ik heb altijd haast uitsluitend gewerkt aan het beeld van de schrijver die ik wilde zijn en in dat beeld is ook mijn broodwerk, journalistiek en literaire verpozing onmisbaar, is het totale werk in mijn ogen groter dan mijn hoogste prestaties. Ik denk dat het beeld geen gelijkenis met Buysse vertoont.*

Zo zijn wij tot ons uitgangspunt teruggekeerd. De Vereniging van Vlaamse Letterkundigen en de Vlaamse Penclub hebben Gerard Walschap voorgesteld voor de Nobelprijs. In zijn werk komt de idealistische inslag voor die van de kandidaten wordt verwacht en over de esthetische waarde heeft het buitenland ongetwijfeld gunstig geoordeeld, toen het Walschap in de voornaamste Europese talen heeft vertaald.

Zijn boodschap luidt: wij moeten elkander leren verdragen om een meer bewoonbare wereld te maken. Hij gelooft niet aan een persoonlijke onsterfelijkheid, maar als er een God zou bestaan, dan kon het niet anders of zijn barmhartigheid zou meteen zijn rechtvaardigheid zijn. Dat is het besluit waartoe de held uit zijn jongste roman *Het Avondmaal* (1968) komt.



De Nederlandse romanliteratuur in Vlaanderen bezit onder haar levende schrijvers verschillende kunstenaars van wereldformaat. Nog geboren voor het jaar 1900 zijn Streuvels, Walschap en Gijsen. Drie werelden: Streuvels die het lot van de mens als een gevolg ziet van kosmische wetten waartegenover hij machteloos staat; Gijsen die de eksistentiële wanhoop om de zinloosheid van het bestaan met intellektuele ironie relateert en de moed om niet te begeven als een onovertroffen waarde verheerlijkt en Walschap ten slotte, de meest optimistische der drie, voor wie de mens genoeg heeft aan zijn aardse leven om samen met zijn lotgenoten gelukkig te zijn.

F. I. DURAND

## IN GEBED

Met my oë  
gesluis  
my mond  
gediefproef  
en die olyfblaar  
op my tong  
is die duif  
in my bors  
gestil  
maar die pols  
in my hand  
volg 'n dwaalspoor



MET BREKENDE WERVELS

dit sterft zijn zevende zonde te vroeg  
aarde worden langs de aangewezen weg  
de nachtklaww in eigen vlees  
het blinde dier dat in de ogen de aders breekt  
lijkt één en al beweeglijkheid  
waar een vroege vreemdeling ruimschoots  
zijn aarding vindt  
in de eerste vonken  
— slaappleats voor aanstaanden —  
ontkelken de ledematen in de ontwende nachtlucht

\*

deze kleuren verliezen hun prijs  
en waar blijft nu de buizerd  
de mens op de heuvels  
nog gravend in zijn gebeente  
het kind in natte luiers  
waar soms de dennen openknappen

of is dit bloed mij vreemd  
dit voorzichtig tasten  
naar de wereld  
een toevallige mens  
of mijn schaduw?

\*

je bent de laatste zeilboot  
van mijn langgeleden liefde  
de eerste snijwonde  
in mijn harnas van weelde

zelfs in dit met kruid  
begroeide gebeuren  
schuift meer dan eens  
een spiegel voor de  
magere takken

dacht ik het erts  
en de verklaringen

\*

bitter was deze vrouw  
het ogenblik in de winter nog  
het licht amper in de kandelaars  
wij als gehaaste schaduwen in gevaar  
de honderden grasrozen liepen hemelsblauw  
over deze ongrijpbare begeerte  
in het naderende zand  
waar onverschilligheid  
de wervels brak

\*

mijn dak mijn bed mijn linden  
ontgoocheld het ijzeren kind  
de armen zingend op mijn oogstland  
waar niemand in die gelijkde waterwoud  
woorden wuift  
naar onvoldragen genezende kinderen  
zo stuift dit meel voorbij zijn draden  
en dood en geweld  
scheppen hun eigen dag

STOPLAP

Hy het nie geweet iets pla hom nie. Tot eendag toe hy na 'n robot kyk en al drie kleure gelyktydig botstil staan.

Nie rooi nie.

Pers.

Nie groen of geel nie.

Blou en 'n geelbleek wit.

Hy het gaan uitvind of hy kleurblind was.

Nee.

Hy het tog altyd gedink dat sy vrou blouselblou oë gehad het. En almal was dit met hom eens.

„Vertel my meer,” het dr. Fuchs gesê.

„Daar is nie meer nie.”

„Was dit nog net eenkeer só?”

„Ja.”

Dr. Fuchs het hom aangesê om dié aand te kyk na die kleure op sy bord kos.

Die volgende dag het hy geskakel:

„Ons het bakvleis en ertappels geëet. Daar was nie kleure nie.”

„Hoe weet jy dit was bakvleis?”

„Ek kon ruik.”

„Hoe weet jy dit was ertappels?”

„My vrou het nie daarvan geëet nie.”

„Magtag, Jen.”

Dié middag het hy sy huis-toe-stap-roete gewysig en deur 'n park gaan loop.

Dit was Septembermaand.

Skielik het hy rooi swane sien swem.

Sy oë geknip.

Gevryf.

Gevloek.

Die swane het rooi gebly.

Hy het daar bly staan tot dit donker was.

„Waar was jy al dié tyd?” het sy vrou by sy tuiskoms gevra.

„Op pad huis toe.”

„Op pad?”

„Ja.”

Ria sou die antwoord vreemd gevind het, was dit nie dat sy met die koms van hul derde kind, heeltemal bot geraak het nie. Sy het vir niks meer omgee nie, behalwe vir 'n bietjie seks.

„Gaan jy uit vanaand?”

„Ja.”

„Waarheen?”

„Brug speel.”

„By wie?”

„Weet nie.”

„Jy is mal.”

„Miskien.”

Sy het grootmond gelag.

Haar tande was groen liggies.

Jen het opgespring en by die venster sy kop gaan vashou.

„Jen?”

Sy het nader gehardloop.

„Jen!”

Toe hy omdraai en na haar kyk, het sy een gil gegee en hande in die lug die huis uitgestorm.

Jen het hul kleinste kind hoor skreeu en toe geval.

Twaalfuur dié nag het hy wakkergeskrik.

„Ek is 'n verpleegster,” het iemand gesê.

„Jy is in die hospitaal.”

Sy dik tong kon nie praat nie.

„Jou oë is toegebind.”

Sy wysvinger het die dik verbande bevoel en toe lam op die deken bly lê.

„Ek bring vir jou iets om te eet.”

Hy het sy kop geskud. Alles het gepyn tot in sy ore.

Toe het hy geslaap. En nooit weer opgehou nie.

Die volgende dag het dr. Fuchs 'n post mortem gedoen.

„Die hemel of die hel weet alleen,” het hy gesê.

Niemand het iets van Ria gehoor nie.

Dr. Fuchs was bekommerd. Hy het navraag gaan doen by die kinders se skool. Hulle was glo na hulle ouma toe.

Eindelik die polisie in kennis gestel.

By Jen se huis het die briewe en simpatie-kaartjies die posbus oorstroom. Die Kolliehond het dr. Fuchs byna verskeur van hongerte. Die bediendekamers was gesluit. Op die agterstoep het 'n driewiel en 'n leë bierblikkie gestaan.

Die volgende week, was die hele relaas in die koerante. Dr. Fuchs het die nuuskieriges wat hom geskakel het, gevloek. Hulle was honde en varke en laag en gemeen. Maar omdat hy 'n dokter was, kon hy nie die gehoorbuis van die mikkie af haal nie. Ten spyte daarvan, het sy tegemoetkomende vrou dit dikwels vir hom gedoen. Dan het hulle 'n hewige woordewisseling gehad wat hom die huis laat uitloop het. Na die park waarin Jen se rooi swane wit en swierig deur die water gesny het.

Juis dan het die pasiënte gewoonlik hulle nood gekla. Mevrouw dr. Fuchs het hom dan swetsend agternagehardloop en die boodskap verdraaid oorgelewer.

Ná Jen se dood het hulle huislike lewe agteruitgegaan.

Snags het sy vrou dikwels opgestaan en vir lang rukke weggebly. Dié kere wat hy dit haar kon sien doen. Want

hyself het vanweë 'n druk program, min tyd gehad om te slaap. Die meeste mense van die distrik het snags hulle piep gekry.

Enkele kere wat hy wel kon slaap, het hy onpersoonlik langs sy vrou gaan lê en die hele tyd aan Jen en Ria gedink.

„Wat in hemelsnaam, gaan doen jy kort-kort in die nag?” het hy een oggend vir sy vrou gevra.

„Bid.”

„Bid?”

Sy het nukkerig uitgestap en op dieselfde manier by hom gesit toe hy sewe-uur die oggend sy vorige aand se ete plus ontbyt opgepeusel het.

„Waaroor bid jy?”

„Waarvóór.”

„Waarvóór dan?”

„Vir ons.”

„Jy is mal.”

„Miskien.”

Sy het haar skouers opgetrek.

Eintlik het hy sy vrou liefgehad.

Hy het opgestaan en met 'n mondvol kos haar op die wang en in die nek gesoen. Toe hy haar kamerjapon oopvrotel, het sy hom goedig weggestoot.

„Kom nou Koot, jy is laat.”

Hy het skoolseunagtig op sy plek gaan sit om klaar te eet.

Dié middag het hy vir sy vrou rooi angeliere gekoop. Toe hy vyfuur met 'n sug wou huis toe gaan, is hy dringend uitgeroep na 'n moeilike bevalling in die distrik. Hy het driemaal dieselfde woord gevloek, die angeliere agter in sy motor geneuk en die stofpad ingejaag.

Die vrou was tingerig ná ses kinders se geboorte. Haar man was in die hospitaal omdat hy te veel gedrink het.

'n Miskraam; en sý arms vol verlepte angeliere toe hy halftwaalf aan sy eie voordeur klop.

Sy vrou het aangeslenter gekom en die helder stoep lig aangeskakel. Hy het die angeliere teen haar gesig gedruk en toe weggeruk. Haar oë het eers nou skrefies getrek en toe wyer en wyer getrek. Sy het geheel en al verbouereerd gelyk. Toe het sy haar gesig in haar hande verberg, die deur met haar skouer op slot gestamp en 'n boosaardige gil geuiter. Dit kon 'n aanval van histerie wees, maar magtig! Hy het met 'n paaiende stem na haar geroep.

Sy het al die deure toegeklap en na die studeerkamer gehardloop. Hyself het omgesluip na die venster toe. Die gordyne was te dig vir hom om deur te sien. Hy het haar 'n foonnummer hoor skakel. Sy het deurentyd gehuil.

„Meneer, Meneer . . . hier was 'n kaffer by my voordeur!”

God, sy was soos Jen!

Hy het met sy kneukels teen die ruit geskuur in 'n poging om te klop. Teenwoordigheid van gees het hom verhoed om

dit te doen en hy het op sy hurke gaan sit en die gesprek geluidloos aangehoor.

„Met 'n bos blomme.”

„Niks. Gelag.”

„Mevrou Fuchs.”

„In die distrik.”

Dr. Fuchs het in 'n klein bondeltjie langs die ruit bly sit. Sy tien vingers oopgesprei oor sy kalerige kop.

Die polisie het hom só gekry.

Hy was dood.

Hulle het mevrou dr. Fuchs se mond toegestop, die angeliere uit die pad geskop en haar in 'n ambulans gelaai.

Ná drie dae, in 'n luukse hospitaal in die stad, het sy nog nie 'n enkele woord gepraat nie. Net almal met groot oë lê en aangluur. Op enige vraag, het sy net haar skouers opgetrek en met 'n effense glimlag gesê: „Miskien.”

Ná ses dae, het hulle haar na 'n sielsieke inrigting oorgeplaas; daar het sy 'n innemende, maar woordlose persoonlikheid ontwikkel. Sy was vriendelik teenoor almal terwyl sy heeldag en aldag loop en soek het na rooi blomme.

Die einde van daardie jaar, ná haar verblyf van drie maande daar, sou 'n spesiale Kersfunksie aangebied word. Sy sou vroeër dieselfde aand, die blomme rangskik. Sy was opgewonde soos 'n stom kind.

Dié aand was sy netjies aangetrek. 'n Modieuse blou pakkie. Hare keurig versorg en sy self versigtig gegriemeer. Stapels rooi angeliere het op die saal se verhoog lê en wag. Toe sy dit sien, het sy hardop en hartlik begin lag. Só hard in die leë saal, dat al die pasiënte dit kon hoor. Sommige van die wat in traliehokke was, het twee uur ná die voorval, nog vasgenaen aan die ysterpale bly sit.

Mevrou dr. Fuchs het nie die angeliere gerangskik nie.

Hulle het die lyk dadelik verwyder en weens die heersende ontsteltenis die funksie afgelas.

Die koerante was lywig van die sensasionele verhale. Joernaliste het naam gemaak met lang lustige stories.

Ná mevrou dr. Fuchs se oorlye, het Jen en Ria se kinders terugekom van hulle ouma af.

Ria het nog altyd swart gedra, in rou oor Jen.

Sy het by die plaaslike bank gaan werk en dié het haar verplig om hulle uniform te dra. Dit het sy met 'n dik mond gedoen, maar in alle ander opsigte, was sy uiters pligsgetrou.

Op vrae van nuuskieriges, het sy geantwoord: „Glo julle dit dan? Dis alles stories.”



VIETNAM 1980

nu dwalen  
de bloedhonden  
tandeloos,  
ja bloedhonden  
door de stad  
van melaatse huizen  
en geen schoten meer,  
geen schoten  
in de gele buiken  
van hun honger  
ja bloedhonden,  
want nog sterven mensen,  
zij sterven slechts  
... trager.

zuidwester

spiegelglad het welkomstrand  
als dan mijn lekke boot vertraagt  
en con amore  
meisjes op hun blote voeten  
over zonnen springen,  
klaar  
om straks het lied naar huis  
te dragen,  
want die schipper  
kan het rad  
niet meer voor ogen zien...

*manicure:*

best te zien  
wanneer de nacht  
als kleine vingers  
door haar kamer loopt,  
en eerst de hoeken groet,  
pas dan mijn amazone,  
die schrijlings op de bedrand  
dromen poetst  
over het kind dat nu zal komen,  
en kijk eens, mama,  
borden zet,  
nog niet de koffie, nee . . .

rustig, mama,  
manicure!  
ik tel wel  
alle vingers van de nacht . . .

## BRIEF AAN 'N MEISIE IN DIE VREEMDE

Liewe meisie,

Nou eers word dit rustig.

Noudat die bouery oorkant die straat gestaak is en die klein hysbak met sy vragte beton opgehou het met sy hoë piepgeluide. Hulle het glo die werk gestaak weens 'n tekort aan fondse. Nogal jammer aangesien die gebou vir 'n goeie doel was. Ek is seker dat dit jou droefgeestig gaan stem aangesien jy altyd een vir liefdadigheid was.

Ek is bevrees ek kan nie dieselfde vir myself sê nie. Van kleins af het ek 'n hekel gehad aan alles wat rumoerig is en nou is hulle boonop besig om my in te kerker met hulle hoë geboue ook. Die huis lyk so pateties klein met sy twee verdiepings en 'n mens moet gedurig opkyk as jy iets van die weer wil sien. Eers lank nadat die son opgekrom het, weet 'n mens of dit bewolk is of nie en teen daardie tyd sit jy reeds in die kantoor. On-voorbereid vir die vlagies reën wat gewoonlik laat in die agtermiddag val.

Maar dit is nie al rede waarom ek sê dat dit rustig is nie. Vandat jy vertrek het, het die daaglikse roetine my in 'n groef laat beland omdat daar geen klein verrassings meer was nie. Ek raak nooit meer onthuts of ontvrede nie en dit is weke laas dat ek die vroeë Mis bygewoon het. In my vorige briewe het ek dit nooit gemeld nie omdat dit op daardie tydstip so menslik gelyk het. Jy was skielik nie meer hier nie en ek het die alleenwees probeer verdoof met onbenullighede.

Dit is nie die aanslag van 'n skuldige gewete wat inbreuk maak op my daaglikse leefwyse nie, maar die vrees tot besinning wat jou naam wil omskep tot nog net 'n ander naam soos dié van strate waarlangs ek daaglik kantoor toe gaan.

Hoe vergelyk ek jou lag, die vryheid waarmee jy dit gedoen het, met dié van 'n arend in vlug op 'n uitstappie tussen die berge? Of die asemrowende waaghalsigheid van 'n klein valk wanneer hy skielik kantel asof geskiet en terugstort aarde toe totdat hy homself op die laaste oomblik van die grond se lyf wegruk en sekondes later te hang asof geskilder teen die groot blou lug? Nou sal jy seker treurig voel, klein Meisie, en soek jy dalk na die grootpad om daarlangs te draf, te soek — na die tyd toe ons een bloed, een asem, een verlange was.

Maar dan het jy ook verdwaal soos ek. Soos ek met my gegroefde roetine en alleenwandeling tussen die berge. Ek met my klein geloof en erg komiese menslikheid.

Dan het jy ook in die leed van woorde getrap waarvan ons net die koggel kry. Daardie vrees tot besinning wat 'n naam van betekenis in net nog 'n naam wil verander.

Ek hoop dat hierdie ondervinding van nie skrywe, ons albei 'n les geleer het.

Groete.

Jou vriend.

## *SÊ MY WAT HET JY GEMAAK*

*Laat die angs jou nie gevange hou,  
die tong inhok met traliewerk van verskrikking nie.  
Sê my wat het jy gemaak met die vuur,  
die durf, wat 'n skip in sy hawe kon sink,  
'n fluit bevange met klank kon hou?*

*Ek soek jou, doen navraag om jou stilswye,  
want ek hoor jy is verwagtend met ongelukkige nagte:  
dat jou uitroepe met bloed besmeer is  
dat alle vensters in jou woning sonder lig is  
dat jou lied stil geword het by gesellighede.*

*As jy dit self wil hê, jy wat met afsondering behep is,  
sien: dat jou skoorsteen sonder rook bly,  
dat daar 'n volgehoue stilte in die bome rondom jou huis heers,  
jou krete sonder geluid word,  
dat die nag in jou mond en jou ore is.*

BROMMER IN DIE BREIN

daar is 'n brommer in die brein 'n duif  
wat monotone liedjies van verderf  
vanuit die dunste twygies koer  
die allerwaarheid dat mens daagliks sterf  
en snags herleef  
hy bombardeer met eiers elke sel  
word smetbevrug omdat dit nodig is  
want om te leef moet lewe lewe wis  
my duif dra vrede vir die brein  
my duif dra vrede vir die hart

want elkeen dra 'n brommer in die brein  
by almal is 'n wurm in die wees.

DIE RONDE HUIS

iemand bou 'n huis  
hier by ons rond  
ek hoor hom naweekmiddae  
timmer aan 'n dak  
en timmer teen my rus  
ek sien hom nooit  
ek kan sy huis nie sien nie  
en niks word ooit voltooi  
onsigbaar bly hy hoorbaar klop  
maar dalk vergis ek my  
dis dalk 'n boot waaraan hy bou  
iets wat moet vaar  
uit hierdie binneland  
of dalk 'n ruimtetuig  
of dalk 'n ronde ding  
om net te draai  
dus dalk bou hy 'n tol.

## DAAR IS NIE MEER ALLEENHEID NIE

daar is nie meer alleenheid nie  
nêrens om te sing nie net in kerke  
om kaal te loop nie  
die wind te streep nie  
jy mag nie eensaam wees nie  
daar's nêrens om 'n rietfluit te bespeel nie  
of patience te speel nie  
veral nêrens om te huil nie  
behalwe by begrafnisse van volksmanne  
of familieledede  
of by uiters patetiese fliëks  
nêrens is die maan meer vol nie  
bultbuik van wense  
want silwer skepe word gekaap  
vol drome  
na iets kubaans  
die aarde het te vol geword gatvol  
van vervulde wense slotnote van liedere  
daar is niks meer te sing nie  
benewens ou woord *weemoed*  
te veel formules vir alles slotformules  
begeertes is ontvolk antwoorde oorbevolk  
maar goddank daar's nog eensaamheid  
jy durf nog eensaam wees.

## IN ELKEEN SKUIL 'N BOER

in elkeen skuil 'n boer ek het kapokkies  
en met die opkoms van die winterson  
saai ek mielies in die dou  
by spikkelwit kapokkies  
alles rook  
van winterwasem wat die son begeer  
en bome wat op doubegeertes teer  
met wortels wat deur dooie sooie rank  
met takke wat die helder hemel dank  
en skuilte aan my rooi kapokkies bied  
— die dou is aan my voete  
die dou is in my siel —  
maak god my 'n winterboom  
waaronder die kapokkies skuil  
want elkeen skut die lewe  
in elkeen skuil 'n boer.

## A. KLOPPERS

### TEKENS

'n Reënboog rank  
vol ou gewoontes  
uit 'n wolk ...  
ek soek 'n teken;  
nie soos rimpels wat  
die sekerheid  
van sterwe sê —  
byna-'n-eeu  
se spotbeeld van 'n kind —  
en blare wat vergeel,  
die winter  
noodgedwonge noem;  
ek soek 'n teken  
dat net woorde  
wat geen leegheid ken  
altyd by my  
in later jare bly.

### HEILIGE GROND

Die dae dwarrel  
voorspooksels  
van 'n wit woestyn  
in stofkolomme op.  
Deur elke boom  
val stukke son  
en broei  
die skadukolle brak.  
Saans smelt die son  
om elke bos se silhoeët  
sy hitte,  
gloei, vlam, word heilig.

Heilig is die grond  
waarlangs die  
rooiboktroppe trap  
af na die groen rivier.



## VOOR DIE KOU

Hy skud  
die diamantdraad  
in onmag.  
Ons lag.

Word ernstig:  
hierdie intelligente gesig  
en die oë  
wat huiwer  
op die grens  
van insig?

Toegegee: kan nie  
alles verstaan nie.  
En tog, dié bobbejaan  
is geen bobbejaan nie!

## ELEKTRIESE WAAIER

Die son buite  
snikheet . . .  
laat almal  
subtropies sweet.

Net dié groot sywurm,  
kop in die lug,  
spin

in halwe kringe  
sy drade koel  
v-v-voel, v-v-voel  
die kamer binne.

## TUINPARTY

Stil skuif die skare  
in tussen bome, sambrele  
waar elkeen deel mag hê  
aan nasionale rituele:

Soos om 'n karkas  
die rawe  
pik-fladder dames  
om fotograawe . . .

ander besigtig blomme,  
beloer, kamma onverskillig,  
dié rok, dié hoed  
gedrapeer om 'n gesig;

sprei in die hitte  
koerend die vlerke  
silwerig op die  
groen grasperke . . .

DALEEN STAPELBERG

„TREURSANG VIR VAN DER MERWE”

Vanaand treur ek  
oor mense — my mense  
wat koud en bloedarmoedig  
geesdrif en lewenslus demp

wat broers en nie-broers  
met oë en harte leeg laat gaan  
hulle, die nie-hoeders van hul broers

LENTE

Pers jakarandas huil  
hul bloeisels oor die strate  
en trane val — om my  
Hart o my hart  
kom ook so vir jou die lente

GRYS

Pienk angeliere verwelk  
in blou wedgewood  
en jy is ver weg  
byna in grys vergeet

GERHARDUS S. ENGELBRECHT

*klimtol*

vinnig val  
en langsaam klim  
val  
en klim

die draad is dun  
wat my behendig  
na Sý wil  
laat nader rol

(om toer  
na toer  
te tril)  
val  
en klim  
val  
val

## ËRENS MOET

In watter lig  
vlerk jy jou gees  
oor horisonte wat jy hier al  
graag wou strek?

Ërens moet jy wéés:  
êrens adem,  
êrens eet;

al blus die brein wat brand  
met suurstof uit my bloed;  
al slaap die vrou wat ek hier  
vlees met my vlees moes voed.

## PERSKLAAR

Volblad-foto's van jou skemer pad  
tregter aandag blad na blad:

skerwe van jou motorwrak

konstabels krap obseen  
jou klein intieme goed  
uit jou geskeurde sak;

hoe opruiend rooi die bloed  
oor wit gespat  
dat ons vandag  
aan almal sal verkoop  
om van te lag!

Maar telkens in die hoof-kamer  
stol die rollerarms bloedloos  
oor die grootste voorblad-„scoop”:

„Jy het weggegaan”  
ironiese toringletters oor dié rare vonds:  
wit vlinder tot stolling gepars  
onder die swaar wit laken  
van die dodehuis.

ANTJIE SE SPEELGOEDMANDJIE

'n Onvoltooide spel vir Kinderstemme

Eerste bedryf

TONEEL *Annatjie se speelplek buitekant*

ANNATJIE      O liewelandy  
my speelgoedmandjie  
is weg, is skoon-skoon weg!

My krulkopkindjie  
met die mooi rooi lintjie,

My wolwit bokkie  
met die koperklokkie,

My armbandjie  
met die diamantjie,

My silwerskoentjies,  
met die perlemoentjies

Alles is skoon-skoon weg.

MIERKAT      Ek weet ek weet, o ek kan jou sê  
waar jou mandjie en jou speelgoed lê.

Die vaal klipklonkies  
op hul skimmeldonkies  
het hier verby gery,

jou mandjie gevat  
en vinnig laat spat  
by die klipkoppie verby.

Anderkant die randjie  
sal jy jou mandjie  
met alles daarin weer kry.

HASIE      Dis nie waar nie, dis nie waar nie!  
Glo jy vir my:  
Ou mierkat het gedorie sy hele, hele storie  
van ou malkop vink gekry.

Ou warrelwind met sy bossiekop  
het hier gedans toe raap hy dit op.

Daardoer het hy oor die gannabos  
die mandjie geskud en toe gelos.

In die geel pondokkie  
van rooi toktokkie  
dáár lê jou mandjie nou.

VERTELLING  
IN KOOR

Tien rietmannetjies van die vlei  
het al in die bome se skadu's gery;

by Annatjie se speelplek het hulle gedraai  
en Annatjie se speelgoed opgelaai.

Die waentjie is 'n hol spanspek.  
Die groot veldmuise het dit getrek.

Tien rietmannetjies in hul skik,  
maar bokkie se klokkie het hulle verklik.

Oom uil word wakker in die skuur  
Hy't gekyk en geluister en gewonder.

Maar nou weet hy alles want hy het gesien  
en stadig getel van een tot tien.

Maar dis nog lig en die grootoog oom  
raak weer aan slaap en droom sy droom.

### Liedjie

So ry die kraaie  
met draaie en met swaaie.

So ry ou warrelwind  
met bossiekop en flenterlint,  
raap en skraap wat hy kan kry,  
verfrommel dit en smyt opsy.

So ry die klonkies  
op hul skimmeldonkies.

So ry rietmannetjies  
met hul muisspannetjies.



UIL op Op die solder en in die boom  
het ek gewonder en gedroom.

by Annatjie Kom nou, kom nou, hou op maar huil  
en stap net saam met jou oom Uil.

Ek het groot oë en lees my boek  
en weet goed waar om wat te soek.

Toe maar, toe maar, ek sal jou lei  
na jou speelgoedmandjie doer by die vlei.

Ek sien deur die bome my ouboet staan,  
daar steek hy nou net sy lantern aan,  
ons vra vir hom om saam te gaan,  
my goeie ouboet, ou kaalkop maan.

### Liedjie

Annatjie en Uil sing hoe-hoe-hoo  
en voor stap ou oom Maan  
Die krieke kier en die torre kirr  
en agter kom skilpad aan.

Dakke-dee dakke-daa  
dakke doo doo doo  
speel skilpad op sy trom,  
Wakke-wee wakke-waa  
wakke woo, woo, woo,  
en die sterre sit verstom.

Tokke-lee tokke-laa,  
tokke loo loo loo,  
Oom Uil skud sy vere los,  
Zikke-zee zikke-zaa,  
zikke zoo zoo zoo,  
Ons is digby die rietebos.

### Tweede bedryf

RIETHAANTJIE Antjie Kepantjie, rooi fisantjie!  
maar waar is Antjie nou?

RIETPARMANTJIES Antjie fisantjie  
dwaal oor die randjie  
en stap haar beentjies flou.



- RIETHAANTJIE      Hoekom moet Antjie  
so dwaal oor die randjie  
en haar beentjies stokflou stap?
- RIETPARMANTJIES      Antjie fisantjie  
soek haar mandjie,  
en dit is die hele grap.
- RIETHAANTJIE      Waar is Antjie  
Fisantjie se mandjie  
en wie het dit gesteel?
- RIETPARMANTJIES      Ons het Antjie  
se mandjie gegaps  
en gebring na die kasteel.
- Antjie se hart  
is in haar mandjie  
en het ons dit  
dan kry ons vir Antjie.
- RIETHAANTJIE      Hoekom wil julle vir Antjie dan hê?
- Drom begin dof slaan en trompettertjies  
blaas ver.*
- RIETPARMANTJIES      Ons koning treur en treur en treur;  
Ons koningin se hart het geskeur;  
                                 Ons het ons prinses verloor.  
Die duineman het haar weggetoor  
                                 na die Witland anderkant die sterre.
- Die dromslag en die trompettertjies klink  
hard op. Die stoet kom op. Koning en  
koningin sit op hulle vergulde stoele. Voor  
hulle is 'n leë stoeltjie.*
- KONING    *met bars stem:*  
                                 Waar is my tien parmantjies?
- PARMANTJIE-LEIER      Hier is ons groot Koning.
- KONING      Waar is die nuwe prinses?
- LEIERTJIE      Ons het klaar haar hart gesteel,  
om haar te lok na die kasteel.  
Haar hart is binne hierdie mandjie.  
Haar naam is Anna, Rooi Fisantjie.



- RIETPARMANTJIES *Klap hande.*  
'n Nuwe prinses in Rieteland!
- GEHEIMKYKERTJIE Stil nou, stil nou, luister, luister.
- SKILPADLIEDJIE *Buite:*  
Dakke-dee dakke-da  
dakke doo doo doo  
Dikke-dom dikke-dom, dikke-dom.  
Wakke-wee, wakke-wa  
wakke woo woo woo  
Wikke-wom wikke-wom, wikke-wom.
- Die groep kom binne. Annatjie met nuwe klere en mooi.*
- UIL *wys:* Sien jy, sien jy, dáár is jou mandjie!  
*Annatjie hardloop na haar mandjie, haal haar goedjies een vir een uit.*
- ANNATJIE O my wolwit bokkie  
met jou koper klokkie,
- My silwerskoentjies  
met jul perlemoentjies,
- My armbandjie  
met jou diamantjie,
- Ai my krulkopkindjie  
met jou mooi rooi lintjie.
- Sy staan op met haar popkindjie en druk haar teen haar vas.*
- ANNATJIE Kindjie het ver van haar moedie gedwaal,  
maar moedie het nou haar kindjie kom  
haal.
- Susliedjie saam met koor:*
- Susliedjie:**
- Doedoe maar moedie se kindjie nou,  
doekeroe doekeroe dyne.  
Duifie se veertjies is nat van die dou,  
Koekeroe koekeroe keine.

Die naggie is kort en die sterretjies klein,  
bokkies en hasies aan weie,  
Duifie se veertjies weer sag en weer fyn,  
dit klikkereklik in die vleie.

*Lê pop weer in mandjie:*

Doekoe-doe-doe in haar nesseljie weer.  
Kinneke kinneke kleine,  
Ogies nou toe en die koppie nou neer.  
Moenoemoe moenoemoe myne.

KONINGIN Ja, ja, dit is sy, Rietland se nuwe prinses.  
Bring haar na haar goue stoeltjie.

RIETLANDERS *Klap hande:*  
Rietland se nuwe prinses!

*Twee Rietmeisies stap na haar om haar  
na die koning en koningin te lei.*

UIL *Tree tussenby en keer:*  
Nee, o nee, julle hande tuis.  
Annatjie se hart is by haar huis.

RIETMEISIES Vir Rietland is sy so mooi gedos.  
En haar hart is in haar mandjie mos.

RIETPARMANTJIE Haar hart is hier,  
haar hart is daar,  
haar hart krap alles deurmekaar.

ANNATJIE *Lê haar voorvingertjies op haar ogies.*  
Ek sien my mammië ver op die stoep  
en ek hoor hoe mammië roep en roep.  
*Haal vingers weg en kyk rond.*

Maar ek wil ook graag by julle bly,  
In julle Rietland hier by die vlei.

KONINGIN Kindjie bly tog in die kasteel,  
want jy het klaar my hart gesteel.

KONING Met watter lint  
Kan ons haar bind?  
Watter tou  
kan haar hier hou?

- RIETPARMANTJIES     Annatjie, bly tog in ons kasteel?
- MAAN                     Haar mandjie bly in die Rietkasteel  
en snags sal Annatjie hier kom speel.
- Die vinnigste perdjies wat jy kan kry  
is die perdjies waarop Droompies ry.
- Ek stuur vir hulle en elke nag  
sal Annatjie op haar bedjie wag.
- Vinniger as 'n ster verskiet  
ry hulle haar na die land van riet.
- Begin die paddas hul fluitjies speel  
is jul droomprinsessie in die kasteel.
- Vannag se fees is die eerste fees  
van al die baie wat nog sal wees.
- KONING                  Hoekom kry ons 'n droomprinses en nie  
'n regte prinses nie?
- MAAN                     Gaan soek maar soek maar noord en suid,  
gaan soek maar oos en wes;  
van alle prinsesse wat ooit nog was,  
is die mooiste die droomprinses.
- KOOR                      Gaan soek maar soek maar waar jy wil,  
gaan soek en leer jou les:  
Van alle prinsesse wat ooit sal wees  
is die mooiste die droomprinses.
- Koning en koningin stap na haar en lei  
haar na die prinsesstoeltjie.*
- KONINGIN               'n Snoer stersteentjies om haar hals  
dat Rietland se meisietjies weer kan wals.  
om haar kop 'n bloeiselkrans  
dat Rietland se mannetjies weer kan dans.
- KOOR                      En ons singeling  
in 'n kringeling  
om ons droomprinses.  
Elke dingeling  
klink sy klingeling  
in Rietland se orkes.  
Klokkies die tingeling

Paddatjies springeling  
en die vuurvliegkiersies brand.  
Annatjie dieweling  
almal se lieweling  
Prinses van Rieteland.

*Musiek hou nog 'n ruk aan.*

UIL Ek laat my lae hoe-hoe nou hoor,  
dat julle moet weet die fees is oor.  
Netnou netnou kraai die haan;  
Annatjie moet nou huis toe gaan.

ALMAL Nee, nee, nie nou al nie.

MAAN Die perdjies van Droompies is opgesaal;  
Droompies kom nou vir Annatjie haal.

*Twee droompies in blou draf binne. Anna-  
tjie neem hulle handjies en stap of draf na  
die uitgang. Uil en Maan volg hulle. Die  
lig word stadig donker en almal se koppe  
buig, lê hulle neer en slaap. Die koning  
en koningin leun teen mekaar en slaap.  
Onderwyl die skemer toesak word slaap-  
liedjie sag gesing.*

#### Slaapliedjie:

Diérelee tiérelee  
kriekies wat kiérelee  
sterretjies knippies die ogies.

Doérelloo toérelloo  
duifies wat koérelloo  
Sandjies oor wimpertjiebogies.

Kiereleé kiereleé, koereloó koereloó  
Diedeldeé diedeldeé, doedeldoó doedeldoó.  
Droompertjies sluitjies die ogies.

Koereloó,  
Doedeldoó.  
Koereloó,  
Doedeldoó.

*Die dag breek rooi terwyl die skerm stadig sak.*

WINTER

Ek wou dat jy my vergewe,  
maar dit reën  
sewentig-maal-sewe.  
Dit reën  
die huise skoon en die bome. My oë  
loop oor.  
Ek kan nie vergeet  
jou mond,  
jou oë se wit. O, Moenie  
huil nie.  
O, Moenie treur nie. Voor my deur  
staan  
'n waterplas op wag.

\*

Ek het geweet  
jy sou my weer inhaal.  
Jy het my net lie gemaak.  
Ek het gevlug ver  
ver in die wêreld,  
maar jy het my spoor gevat  
en my gevolg tikke tak  
tikke tak op die spoorlyn langs  
en af met die rivier  
tot hier  
Nou lê jy my  
in die warm weswind  
en die lou son.  
Jy bekruij my en  
laat my snags  
in my sweet lê en wag.

\*

Dis 'n wye wind  
wat hier waai.  
Hy kom ver ver  
van Boesmanland  
vandaan  
en hy klink  
soos jong seunstemme  
en hy huil  
soos wind deur ysterpale  
huil.  
Dis 'n alleen wind  
wat aan my ruk  
tot my stem stuk  
vir stuk meegee.



### SPRINGMAT

Die mat skiet my oorkruis die hoogte in,  
wild gryp ek in die lug  
na sitplek op die parabool se boggelrug  
maar gly  
— terwyl my vingers willoos deur die sterthaar sny —  
geknoop terug.

### BUSRIT

Laasnag was ek Pygmalion  
en het Galatea my bly ontwyk,  
vanoggend nukkerig en vies  
het ek gewas, geskeer, geëet  
en die sewenuur-bus gehaal.  
Orang-oetang het ek aan 'n leerstropie  
tussen geel en swart vinkneste  
van saamgeflanste haartooisels geswaai.  
My oë het soekend laer afgedwaal  
en tot in Harrissonstraat  
saam met 'n goue kruisie aan 'n kettinkie  
sagwiekend gerus.

## 'N BIBLIOTEEKFILOSOFIE (2)

### 8. *Die biblioteek as ideologies-neutrale instelling*

In die lig van die voorafgaande bly daar net een regverdigbare standpunt vir die biblioteek oor t.o.v. ideologieë: „The library purposely buys books on both sides of subjects about which there is a dispute. Every effort is made to represent both sides adequately by the best printed material obtainable.”<sup>32</sup> Hierdie boeke word dan vryelik beskikbaar gestel aan elkeen wat dit wil lees:

they are genuinely free from any propagandist or partisan influences and so far as their resources permit offer the public a full, free opportunity of access to books of all kinds.<sup>33</sup>

Nòg die bibliotekaris nòg die gemeenskap besluit vir die individu oor wat hy mag lees:

A frequent question is whether the library should supply what people want or what they ought to have . . . the librarian's duty cannot solely be found in either alternative . . . He must give both, thus affording the individual the opportunity to form his own judgment by comparing the two.<sup>34</sup>

The librarian's task is clear. He should keep thought free and fluid — his own thought and all other thought that comes within his province.<sup>35</sup>

Die bibliotekaris se persoonlike opvattinge i.v.m. ideologiese aangeleenthede behoort geen rol te speel nie, behalwe sy opvatting dat alle opinies in die boekvoorraad weerspieël moet word.<sup>36</sup> Die biblioteek behoort dus ook net aan onpartydige en onomstredende gemeenskapsverrigtinge deel te neem.<sup>37</sup>

Die bibliotekaris behoort so neutraal soos 'n inligtingsbeampte te wees:

The business of both is communication; each shares the responsibility for enlarging, storing and retrieving man's fund of disciplined intelligence . . . their job is vocational, as strictly vocational as nursing.<sup>38</sup>

In 1956 het die American Library Association sy standpunt van ideologiese neutraliteit met betrekking tot openbare biblioteke soos volg geformuleer:

Selection must resist efforts of groups to deny access to materials on the part of other sections of the community, whether in the name of political, moral, or religious beliefs.<sup>39</sup>

In die regulasies van die individuele biblioteke vind hierdie amptelike standpunt uitdrukking. Een van die regulasies van die Chicago Public Library lees bv. soos volg:

The public library has no right to emphasize one subject at the expense of another, or one side of a subject without regard to the other side. It must carry the important books on all sides and all subjects.<sup>40</sup>

### 9. *Boekkeuring in die biblioteek*

Diegene wat 'n gemeenskap tot geestelike homogeniteit wil dwing, sou dit maklik vind om te besluit watter boeke in 'n openbare biblioteek tuishoort:

Book selection in the equalitarian framework becomes a very simple matter: one selects those things which are general enough and harmless enough to be handed out to the least intelligent, the least capable, the least discriminating. There is always the possibility that if one chose books in any other manner one of the less capable might stumble on a book which would disorganize his simple-minded thinking, and so the book collection must be directed at the lowest level of comprehension.<sup>41</sup>

Corinne Bacon huldig die teenoorgestelde standpunt en het reeds in 1907 in 'n artikel verklaar:

Do not refuse to buy a book because one or more people object to it. What no one objects to is probably valueless.<sup>42</sup>

Drie gesaghebbendes in die biblioteekwêreld, Fairchild (1903), Bascom (1922) en Haines (1950) het oor 'n tydperk van bykans vyftig jaar onafhanklik tot die gevolgtrekking gekom dat die basis van boekkeuring positief eerder as negatief behoort te wees:

Select books which will be of service to somebody; do not exclude books because somebody thinks they will do harm.<sup>43</sup>

Aangesien die hoofsaak van die biblioteek die verskaffing van leesstof is, is die keuring van biblioteekboeke van primêre belang. Omdat dit hier gaan om die openbare biblioteek, is die biblioteek verplig om boeke in voorraad te hê wat al die lesers sover moontlik tevrede stel.<sup>44</sup> Die bibliotekaris kies daardie boeke wat hy beskou as die beste vir sy biblioteek,<sup>45</sup> maar

it is important to remember, if one is trying to select the best books, that there are as many kinds of best as there are kinds of readers.<sup>46</sup>

Dit is nie altyd die geval dat net die bibliotekaris die boeke keur nie. Soms beheer 'n biblioteekkomitee die aanskaffing van boeke. Die beste resultate word verkry as 'n komitee bestaande uit biblioteekpersoneelle aangestel word, want dan is die gevaar van persoonlike vooroordeel nie so groot soos wanneer een persoon al die besluite moet neem nie.<sup>47</sup> Die personeelle het dalk ook intiemer kontak met die lesers as die bibliotekaris. Die publiek gee egter maar net 'n aanduiding, want min biblioteke baseer hulle aankope slegs op die populêre aanvraag.<sup>48</sup> Dit is ook die rede waarom 'n biblioteekkomitee bestaande uit lede van die publiek („vertegenwoordigers van die gemeenskap") liewer nie oor boekkeuring moet besluit nie. Die lede sal waarskynlik net die meerderheidsmening in die gemeenskap verteenwoordig en daar is geen waarborg dat hulle verdraagsaam teenoor andersdenkendes sal wees nie. Elke mens is seker in 'n mindere of meerdere mate verdraagsaam, maar party is net verdraagsaam solank alles in ooreenstemming is met wat hulle voorstaan. Daar is natuurlik geen beswaar as lede van die publiek aanbevelings doen nie, maar die finale besluit moet liewer by die biblioteek berus.

Eintlik moet 'n aantal verskillende aspekte van boekkeuring onderskei word:

*Die terrein wat gedek word:* Die hele terrein moet sover moontlik gedek word ten einde die lesers in staat te stel om 'n ewewigtige uitkyk op sake te verkry en nie in dogmatisme te verval nie.

*Die aantal boeke:* Omdat die boekvoorraad ook deur die aanvraag bepaal word, sal daar noodwendig meer boeke wees oor die onderwerpe waarvoor daar 'n groot aanvraag bestaan.

*Die aard van die boeke:* Veral in die geval van opvoedkundige werke word die voorkeur gegee aan boeke wat sake volledig, gesaghebbend en duidelik behandel en nie fanatiek-propagandisties is nie.

*Die gehalte van die boeke:* Die ideaal is om 'goeie' boeke aan te koop; 'goed' volgens die oordeel van die verskillende lesers. Dit bring baie probleme mee, want wat goed vanuit 'n ontspanningsoogpunt is, mag sleg vanuit 'n morele oogpunt wees.

Om kant te kies en die morele 'hoër' as ontspanning te ag kan dwaas wees. Professor De Vleeschauwer verwys bv. na die dameskomitees wat met goeie bedoelings maar min verstand voor die amptelike instelling van 'gevangenisbiblioteke boeke aan gevangenes beskikbaar gestel het. Hulle het gemeen dat dit veral 'n 'voorbeeldige' boekvoorraad moes wees en het dit dus 'n ekstra moraliserende karakter gegee:

daar was vir die gevangene amper 'n heroïeke karakter en 'n hoë mate van selfverloëning nodig om sy leeslus aan hierdie goedbedoelde dwaashede te bevredig.<sup>49</sup>

Vandag word dit ingesien dat die gevangene veral behoefte aan tydverdryf en ontspanning het, dat hy wil lees ten einde ontvlugting van die werklikheid te verkry. Juis daarom moet die leesstof hom nie met teësin vervul nie. Deur leeslus by hom te kweek kan hy homself dalk later opvoed. As hy 'n teësin in lees kry, is die kans skraler dat hy homself op hierdie manier sal rehabiliteer.

#### 10. *Volwassenheid as 'n voorveronderstelling*

Die biblioteek wil in diens van elke individu in die gemeenskap staan. Deur 'n vrye literatuurkeuse aan elkeen beskikbaar te stel, verseker die biblioteek die geestelike integriteit en vryheid van elke individu. Daar word egter deurgaans van die veronderstelling uitgegaan dat die individue normaal en volwasse is. Dit is alleen met hierdie individue voor oë dat die openbare biblioteek sy voorraad opbou.<sup>50</sup>

Hier moet die biblioteek kies of hy in diens van elke individu of in diens van die meerderheid individue wil staan. Dit is prakties onmoontlik om 'n voorraad op te bou waarin elke boek geskik is vir normale volwassenes en terselfdertyd vir die verstandelik vertraagdes en onewewigtiges. As so iets uitgevoer kon word, sou die groot meerderheid lesers daaronder ly. Daarom staan die biblioteek streng gesproke nie in diens van elke individu nie, maar in diens van elke normale volwassene.

To limit the expression in any given society to what is fitting only for

children or mental deficient is to bring the level of the whole society down to adolescence or imbecility.<sup>51</sup>

### Carter en Bonk huldig dieselfde opvatting:

The library is not a mental hospital, and society cannot tolerate that its activities should be limited by the restrictions necessary in a hospital ward in order to give treatment to the few who are unbalanced. To restrict all sound and intelligent adults to the reading safe for the near-insane is as unsound a procedure as to restrict all sound and intelligent adults to the reading safe for children.<sup>52</sup>

Die biblioteek wil sy lesers lei tot kritiese ewewigtigheid. So 'n persoon kan nie deur die lees van een boek ontwrig word nie. Dikwels vind 'n mens in die praktyk dat persone of organisasies teen 'n geskrif te velde trek asof dit die ondergang van die beskawing kan meebring. Hulle is dogmaties ingestel en/of vrees hierdie houding by die lesers. Broadfield beklemtoon tereg dat die invloed wat 'n boek kan uitoefen nie oordryf moet word nie.<sup>53</sup> Carter en Bonk stem hiermee saam: „The people do not need to be protected from evil by any selfappointed or official vigilante group, because most people will not be utterly corrupted by any reading experience.”<sup>54</sup>

Die bibliotekaris moet sake nugter en objektief beskou en homself afvra of die lees van 'n boek (sê oor seks) werklik 'n ongewenste uitwerking sal hê:

While the sexual act itself is so consequential that it must be severely limited and controlled, imaginative extensions of it and its accompaniments in life and art are neither dangerous nor criminal and are often very good.<sup>55</sup>

Die biblioteek is in beginsel ten gunste van 'n vrye literatuurkeuse. Hierin word hy egter op verskeie maniere aan bande gely. Die staat pas bv. sensuurmaatreëls toe teen sekere boeke en hierdie boeke mag dus nie hulle weg na die biblioteekkrakke vind nie. Soms word die biblioteek deur 'n ander liggaam beheer en moet hy hom neerlê by hierdie liggaam se besluite. Die biblioteek is ongelukkig baie kwesbaar omdat dit op finansiële steun van buite moet staat maak. In die praktyk word die ideale toestand dus nie noodwendig aangetref nie, maar dit is aan faktore buite die biblioteek te wyte.

In die belang van die geestesvryheid van die individu behoort die biblioteek te bly strewe na 'n vrye literatuurkeuse:

Censorship of books, urged or practiced by volunteer arbiters of morals or political opinion, or by organizations which would establish a coercive concept of Americanism, must be challenged by libraries in maintenance of their responsibility to provide public information and enlightenment through the printed word.<sup>56</sup>

### 11. Samevatting

In die loop van hierdie studie is die onderwerp op 'n vyf-voudige manier beperk, naamlik ten opsigte van:

- (a) die betekenis van die woord 'filosofie';
- (b) die biblioteekvoorraad — boeke;
- (c) die tydsbestek — die huidige situasie;

(d) die tipe biblioteek — die openbare leesbiblioteek;

(e) die tipe leser — normale volwassenes.

Deur as uitgangspunt te aanvaar dat daar so iets soos 'n biblioteekfilosofie en 'n biblioteekwetenskap kan wees, was die studie voorbestem om 'n rasonale en 'n objektiewe benadering van die biblioteekwese te bepleit. Die uitkoms toon dat so iets wel moontlik is. 'n Poging is aangewend om dit op 'n sistematiese manier te regverdig en terselfdertyd die fundamentele belang van 'n biblioteekfilosofie aan te toon.

Die eerste stap was om die algemene doel van die biblioteek te bepaal. Dit is ontseeglik die benutting van die boekvoorraad eerder as die bewaring daarvan, hoewel die belangrikheid van die laasgenoemde nie ontken word nie.

Die tweede stap was om aan te toon dat die biblioteekvoorraad vir verskillende doeleindes benut word: onderwys, navorsing en ontspanning. Die openbare leesbiblioteek het met die eerste en die laaste van hierdie drie te make; 'onderwys' nie in die sin van studie nie, maar in die sin van volksoopvoeding.

Derdens het dit geblyk dat die lesers bepaal of die openbare biblioteek die klem laat val op volksoopvoeding of op ontspanning; dit hang van die aanvraag af.

In ooreenstemming hiermee word die vierde vraagstuk opgelos: die biblioteek staan in diens van elke individu (dit wil sê elke potensiele leser) eerder as in diens van die gemeenskap in die algemeen.

Vyfdens, wanneer die biblioteek moet kies tussen diens aan elke leser en diens aan die grootste groep lesers, word ten gunste van die eersgenoemde besluit. Die biblioteek gaan skynbaar teen die wens van die meerderheid lesers wanneer dit weier om die gewildste ideologie te propageer, maar in werklikheid word elke individu gedien, want die biblioteek wil elkeen vrywaar teen die gevare van dogmatisme en eensydigheid. Dit word gedoen omdat groot waarde aan die geestelike vryheid van die individu geheg word.

Die sesde stap volg nou outomaties: die biblioteek bly neutraal in ideologiese sake. Die leser kan in die biblioteek boeke vind oor al die aspekte en al die kante van 'n omstrede aangeleentheid. Nie die biblioteek nie, maar die individu self word die lotsbeskikker van sy eie geesteskuiluur.

In die sewende plek: wanneer die biblioteek moet kies tussen diens aan die oorgrote meerderheid lesers en subnormale en onvolwasse uitsonderings, besluit dit ten gunste van die eersgenoemde; die normaliteit en volwassenheid van lesers vorm ook die voorveronderstelling waarop van die voorafgaande standpunte gebaseer is.

Agstens, omdat die biblioteek 'n kritiese ingesteldheid by sy lesers wil kweek, beywer dit hom vir 'n vrye literatuurkeuse.



## Verwysings:

1. Thompson, S. M.: *The Nature of Philosophy*. New York, Holt, 1961, bl. 48.
2. Irwin, R.: Librarianship (in *Encyclopaedia of Librarianship*, onder red. van T. Landau. Londen, Bowes, 1959). Bl. 173.
3. Broadfield, A.: *A Philosophy of Librarianship*. Londen, Grafton, 1949, bl. 7.
4. Wheeler, J. L. & Goldhor, H.: *Practical Administration of Public Libraries*. New York, Harper & Row, 1962, bl. 5.
5. Eintlik natuurlik die bibliotekaris, of die biblioteekpersoneel, of diegene in beheer van die biblioteek, maar gerieflikheidshalwe sal meestal van die 'biblioteek' gepraat word.
6. Broadfield, bl. 6.
7. *Ibid.*, bl. 11.
8. Irwin, bl. 171. Dit gaan dus nie net om boeke nie, maar om die uiteensetting te vereenvoudig sal ons die aandag tot boeke beperk.
9. Richardson, E. C.: *The Beginnings of Libraries*. Hamden, Archon, 1963, bl. 16, 18, 20; Irwin, bl. 171.
10. Kyle, B. R. F.: *Librarianship*. Londen, English Universities Press, 1964, bl. 79.
11. *De Vleeschauwer*, H. J.: *Biblioteekkunde 1-lesings*. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1965, Boek 1, bl. 65.
12. Kyle, bl. 15.
13. Irwin, bl. 173.
14. *Ibid.*
15. Broadfield, bl. 22.
16. Broadfield, bl. 35.
17. Carter, M. D. & Bonk, W. J.: *Building Library Collections*. New York, Scarecrow, 1959, bl. 18-9.
18. *Ibid.*, bl. 19.
19. Aangehaal deur Carter en Bonk, bl. 20.
20. Carter & Bonk, bl. 46-7.
21. Savage, E. A.: *A Librarian's Memories*. Londen, Grafton, 1952, bl. 139-40.
22. *Ibid.*, bl. 140
23. Aangehaal deur Broadfield, bl. 51-2.
24. Broadfield, bl. 52.
25. Irwin, bl. 171.
26. Aangehaal deur Broadfield, bl. 20-21.
27. Broadfield, bl. 72.
28. Savage, bl. 140.
29. *Ibid.*
30. Broadfield, bl. 42.
31. Wheeler & Goldhor, bl. 3.
32. Quigley, M. C. & Marcus, W. E.: *Portrait of a Library*. New York, Appleton-Century, 1936, bl. 61.
33. McColvin, L. R.: Public Libraries (in *Encyclopaedia of Librarianship*). Bl. 251.
34. Broadfield, bl. 25.
35. *Ibid.*, bl. 31.
36. *Ibid.*, bl. 71.
37. Quigley & Marcus, bl. 57.
38. Currie, C.: *Be a Librarian*. Londen, Lockwood, 1958, bl. 81.
39. Aangehaal deur Carter & Bonk, bl. 32.
40. *Ibid.*, bl. 215.
41. Carter & Bonk, bl. 47.
42. Aangehaal deur Carter & Bonk, bl. 33.
43. Carter & Bonk, bl. 31.
44. *Ibid.*, bl. 13.
45. *Ibid.*, bl. 10.
46. *Ibid.*, bl. 18.
47. Keen, O. W.: Book selection (in *Encyclopaedia of Librarianship*). Bl. 49.
48. Irwin, bl. 173
49. De Vleeschauwer, bl. 87.
50. Kinder-, jeug- en skoolbiblioteke (of hierdie afdelings van die openbare biblioteek) word hier buite rekening gelaat.
51. Kaelin, E. F.: *An Existentialist Aesthetic*. Madison, University of Wisconsin Press, 1962, bl. 127.
52. Carter & Bonk, bl. 45.
53. Broadfield, bl. 18.
54. Carter & Bonk, bl. 44.
55. Robinson, R.: *An Atheist's Values*. Oxford, Clarendon, 1964, bl. 64.
56. Library Bill of Rights, 1939, aangehaal deur Carter & Bonk, bl. 195.



## SKYFIES

### WOORDE VIR MY SAKBOEK

- TWINTIGER: iemand wat so af en toe kom spook by die kritikus met die swak geheue.
- DERTIGERS: 'n Groepie Kapenaars wat uitmekaar gespat het.
- VEERTIGER: 'n Hardekoejowel wat te laat gebore is vir dertig en sy dolosse nou op Breyten verwed. Si ya vuma!
- VYFTIGERS: Die ongeborenes wat die status quo handhaaf.
- SESTIGER: 'n Skrywer wat pen in die hand in 'n boek induik en dis laaste sien totdat hy aan die ander kant van die Seine uit die water klim met sy falliese simbool in sy hand.
- SEWENTIGER: Sal maar weer Van Wyk Louw wees. Wie anders?
- TAGTIGERS: Daar sal niemand wees teen die tyd dat H.W. haar eselskakebeen bêre nie.

### OP REIS DOOR HET NOOD-WESTEN!

„En dan tref die reisiger hier 'n ras aan met buitengewoon vergrote spraakorgane maar van wie die oë weens gebrek aan leeservaring heeltemal vergroei het tot naelagtige strukture.”

Blindelings die uwe,  
OU GRIETJIE

BOEKE ONTVANG: Verskyn November.







